# HOOFSTUK VII.

## NUUTSTE ONTWIKKELINGS OP KERKLIKE EN ONDERWYSGEBIED, 1922 - 1950.

### 1. Jongste verwikkelings in sake die skenkingstasies en verdere uitbreiding na buite.

(a) Nadat die bestuursaangeleenthede kragtens die Land Mission Bill van 1909 op sekere skenkingstasies te Genadendal (1926),[1] Mamre en Enon (1911)[2] in die hande van die ingesetenes oorgegaan het, het hierdie eertyds selfversorgende gemeenskappe so agteruitgegaan dat hulle later as broeineste van aktiewe materialiste bestempel is waar meedoënlose fataliste die een agitasie na die ander van stapel gestuur het.[3]

Hierdie chaotiese toestande kan slegs na twee geskiedkundige faktore t.w. leiding en vervaging van 'n gemeenskaplike aandagsfaktor, gereduseer word.[4]

Sonder om die groot werk van die baanbrekers en ander steunpilare van die verlede te minag, is dit duidelik dat die leierskap op hierdie stasies vir 'n te lang en ononderbroke periode in 'n onverbiddelike en onbuigbare vorm gegiet was. Besture het bestaan uit 'n leier en 'n swygsame gevolg en, hoewel dit verteenwoordigend was, was dit geensins verantwoordelik nie. Om nou in sulke omstandighede selfstandigheid te verkry soos onder die Mission Stations Act, is geen oorgang nie, maar 'n sprong met 'n ontbrekende oorgangstadium. Kortom, die leiding wat van die nuutverkreë regte uitgegaan het, het hoogstens uit na-apery sonder meer bestaan.[5]

Eweneens het die proses van evangelisasie tesame met sy

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 374.
2. Ibid., 370.
3. Jaarverslag van Genadendal: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 1/42/1, Jaarverslag van Enon: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 2/41/1; Jaarverslag van Mamre: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 5/42/1.
4. Jaarverslag van Genadendal: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 1/42/1.
5. Ibid.

beskawingsinvloede 'n aandagsfaktor op sigself geword en dit vir 'n lang tyd gebly. Namate die beskawing aanvaar is, het dit egter al meer behoeftes geskep omdat die denke van die ingesetenes geprikkel is. In die mate wat hierin gevorder is, moes nuwe beskawingsvorms gevind of desnoods geskep word. Omdat die Sending vanweë beperkings en omstandighede buite sy beheer in hierdie opsig gefaal het, het die oorspronklike aandagsfaktor vir 'n groot deel van die gerehabiliteerdes verval.[1)]

Ten gevolge van die gebrek aan leiding, volg gebrek aan kontinuïteit en so kry ons die ontstaan van individualisme. Enkelinge, wat toevallig die oorspronklike hervormers nie goedgesind was nie, het derhalwe na vore getree en persoonlike belange op die spits gedrywe. Toe dusdanige persone uiteindelik vir hulleself regte, voorregte en bewegingsruimte begin opeis, het twee vyandelike rigtings ontstaan waarvan sommige die tradisionele terwyl ander die nuwe leiding verkies het. Sodoende is die weg tot verval en chaos gebaan en, behalwe hewige en afbrekende kritiek, kon niks konstruktiefs verder verrig word nie.[2)]

Hierdie toestande het ideale geleenthede geskep vir enkele individualiste, behep met egoïstiese idees, om leierskapposisies aan te gryp ten einde hulleself te versterk vir die bereiking van hulle selfsugtige ideale. Vanweë die beperktheid van hulle strewe het hierdie nuwe leiding en aandagsfaktor hoofsaaklik bestaan uit agitasie en skepping van verwarring wanneer die geringste misstap deur die beherende seksie begaan word. Namate die aanhang van die agitasie aangegroei het, het die beherende seksie al meer huiwerend geword om iets positiefs tot stand te bring van-

---

1. Jaarverslag van Genadendal: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 1/42/1; Jaarverslag van Enon: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 2/41/1; Jaarverslag van Mamre, 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 5/42/1.
2. Ibid.

weë verwagte kritiek. Met hierdie weifelende houding het die gebrek aan konstruktiewe leiding al groter geword en het die agteruitgang op ekonomiese gebied steeds groter afmetings aangeneem.[1]

Maar hierdie agitasies was nie net op plaaslike bronne van ontevredenheid en die oordrywing daarvan, gegrond nie. Dit het voortgewoeker om agterdog teen alles en almal in die hele maatskaplike stelsel te skep. Gevolglik is alle moontlike bronne van ontevredenheid in belang van die agitators en hulle selfsugtige strewes aangegryp en op sensasionele wyse vergroot.[2]

Origens is die beheermaatreëls onder die nuwe regime ook in so 'n mate verslap dat 'n agteruitgang op ekonomiese gebied onvermydelik was. Ten gevolge van die vervaging van hierdie aandagsfaktor het geregistreerde okkupeerders hulle tuine en landerye verwaarloos, sloot-erosie onbestryd gelaat, grondvrugbaarheid van saailande deur onoordeelkundige verbouing uitgeput en brandende vraagstukke soos waterbewaring en drinkwatervoorsiening onaangeroerd gelaat.[3] Bowendien is daar ook tydens die jongste Wêreldoorlog sulke bemoedigende onderhoudstoelae aan afhanklikes van Kleurlingsoldate betaal dat dusdanige families geen poging aangewend het om hulle hoewes te verbou nie.[4]

Ten einde hierdie ooglopende agteruitgang op maatskaplike en ekonomiese gebied die hoof te bied, is daar in 1944 van staatsweë ingegryp en so is die beheer en administrasie van hierdie skenkingstasies aan die Departement van Volkswelsyn en Demobilisasie opgedra. Behalwe 'n deurtastende

---

1. Jaarverslag van Genadendal: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 1/42/1; Jaarverslag van Enon: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 2/41/1; Jaarverslag van Mamre, 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 5/42/1.
2. Ibid.
3. Report of the Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements, Inter-Departmental Committee of Enquiry, 1945, 40 - 42.
4. Ibid., 40.

ondersoek en aanbevelings ter verbetering van die beheer deur 'n Tussendepartementele Komitee in die daaropvolgende jaar, is daar vanweë alle na-oorlogse probleme weinig aandag aan hierdie stasies geskenk.[1)] Eers nadat die oorspronklike Land Mission Bill of Wet No. 29 van 1909 deur Wet No. 12 van 1949 in so 'n mate gewysig is dat staatslenings vir die ontwikkeling van hierdie kleurlinggemeenskappe beskikbaar gestel is, het die Departement van Volkswelsyn in dieselfde jaar blanke superintendente vir hierdie stasies aangestel.[2)]

Sedertdien het hierdie amptenare in medewerking met die bestaande bestuursrade getrag om die negatiewe faktore in iets positiefs soos wedersydse vertroue, samewerking, ens. te omskep. Vir die verwesenliking hiervan is vergaderings en samesprekings, formeel en informeel, gereël en sodoende is uiteindelik daarin geslaag om die grondslag vir 'n gemeenskaplike ideaal en aandagsfaktor i.v.m. die omskepping van ellendige behuisings-, landbou- en gesondheidstoestande, ekonomiese rehabilitasie en skepping van geleenthede vir sosiale interaksie vir die toekoms te lê.[3)]

Hierdie gestelde ideaal is geleidelik besig om vorm aan te neem en ter uitvoering daarvan is die volgende stappe deur die Bestuursraad te Genadendal gedurende 1950 gedoen:

(i) Om die tuine teen verspoeling te beskerm, is begin met riviere skoon te maak, op plekke te verlê en beskermingswalle op te rig.

(ii) Stappe is ook gedoen om voorsiening vir water te maak deur die oprigting van nuwe opvangdamme in Sewefontein en Koringlandskloof.

(iii) Met die ontginning van saailande is begin en

---

1. Sien inleiding van Report of the Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements Inter-Departmental Committee of Enquiry, 1945.
2. Sien Wysigingswet No. 12 van 1949.
3. Jaarverslag van Genadendal: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C.1/42/1; Jaarverslag van Enon: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 2/41/1; Jaarverslag van Mamre: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 5/42/1.

die vertroue bestaan om binnekort alle oorblywende saaigronde as 'n koöperatiewe saak aan te pak.

(iv) Deur die uitkoop van regte is ook voorsiening vir 'n nuwe hoërskoolterrein gemaak.

(v) Die aanlê van parke en 'n sportterrein is in die vooruitsig gestel.

(vi) Deur die bewerking van tuine is Genadendal andermaal in 'n lushof omskep.[1]

Ook wat Mamre betref, is daar eweneens belangrike verbeterings aangedurf. Gedurende die jare 1949-'50 is die volgende ter bevordering van die gemeenskap aangepak:

(i) Die verband van £200 op 'n gedeelte van die plaas, Laaste Stuiwer, wat in 1946 deur die Raad van die Morawiese Sendinggenootskap teen 'n bedrag van £1,000 gekoop is, is afbetaal en gekanselleer.[2]

(ii) Die daarstelling van 'n poskantoor teen 'n koste van £1,500 en die oprigting van 'n draadheining is moontlik gemaak deur 'n verband van £1,750 op bovermelde plaas te neem.

(iii) Met behulp van landbouvoorligtingsbeamptes is heelwat pogings aangewend om saai- en beesboerdery te verbeter.

(iv) Behuisingstoestande geniet aandag en, kragtens 'n besluit van die Raad, moet alle nuwe woonhuise voortaan van vensters van genoegsame grootte voorsien word.

(v) 'n Kamer van een van die woonhuise word as kliniek gebruik, maar fondse word ingesamel om 'n behoorlike gebou vir die doel op te rig. Twee voltydse verpleegsters bedien die gemeenskap en periodieke besoeke word deur die distriksgeneesheer afgelê.

(vi) Drinkwater afkomstig van drie fonteine is in die afgelope jaar ook dikwels deur gesondheidsinspekteurs as 'n moontlike bron van siektes en epidemies ondersoek.[3]

Selfs vir Enon moet 1950 beskou word as 'n besondere jaar en 'n keerpunt omdat dit prakties bewys gelewer het van 'n doelbewuste strewe na 'n beter toekoms. Deur middel van

---

1. Jaarverslag van Genadendal, 1950, C.1/42/1.
2. In verband met die aankoop van 'n gedeelte van die plaas, Laaste Stuiwer, 1,200 morge groot, is die grootste gedeelte van die koopsom van £1,000 verkry deurdat die Afdelingsraad 'n bedrag van £800 aan die Bestuursraad moes terugbetaal waarop eersgenoemde nie geregtig was nie. Sien Jaarverslag van Mamre: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, c.5/42/1.
3. Jaarverslag van Mamre: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 5/42/1.

van samewerking is die volgende tot stand gebring:

(i) Stappe is gedoen om die watervoorraad te verbeter deur die oprigting van 'n wal in die bedding van die Witrivier. Vanweë besoedeling van die waterinhoud deur mens en dier, laat die toestand nog veel te wense oor.

(ii) Ten einde die woonbuurt te vrywaar en die plantegroei van die riviergebied en die westelike gedeelte te beskerm, is vir die eerste maal 'n kamp vir die diere opgerig. Nog kampe vir rotasieweiding en bosontginning word in die vooruitsig gestel.

(iii) Die werksaamhede i.v.m. die aanleg van 'n pad waarlangs bosprodukte vanuit die meent vervoer word, vorder ook goed.

(iv) Waterskemas en verdere omheining van die sendingstasie sal in die komende jaar aangepak word.[1]

Alhoewel hierdie verbeterings slegs belangrike aanvoorwerk ter uitvoering van 'n langtermyn-program is, bestaan daar genoegsame rede om aan te neem dat hierdie vervalle gemeenskappe weereens in die tradisionele tuistes van voorheen omskep kan word indien met verdubbelde inspanning van die ingesetenes en die simpatieke belangstelling van die Departement van Volkswelsyn voortgegaan word.

Clarkson daarenteë is nog die enigste skenkingstasie waar die Mission Land Bill op versoek van die ingesetenes nog nie toegepas is nie. Dit was tewens ook heeltemal oorbodig, aangesien die verstandhouding tussen gemeentelede en leraar deurgaans kerngesond was.[2] Dientengevolge is daar ook heelwat vordering op tydelike sowel as geestelike gebied gemaak. Tuine en landerye word nog steeds met die grootste sorg en nougesetheid onder die oppertoesig en konstruktiewe leiding van die leraar verbou, terwyl 'n aansienlike aantal ingesetenes ook volop werk vir selfonderhoud by die Bosboudepartement, saagmeulens en Nasionale paaie vind. Origens geniet die ambagsmanne, skrynwerkers, messelaars en dakdekkers ook besondere goeie vooruitsigte, aangesien hulle dienste bo die van ander Kleurlinge in die omgewing ver-

---

1. Jaarverslag van Enon: 1 April 1949 tot 31 Maart 1950, C. 2/41/1.

kies word.[1]

(b) In teenstelling met die maatskaplike verwarring op sommige skenkingstasies, het die drie eiendomstasies te Elim, Goedverwacht en Wittewater net soos Clarkson rustige vordering gemaak. Hierdie toedrag van sake is te danke aan die feit dat die beheer van die kerklike en burgerlike lewe uitsluitlik by blanke sendelinge berus het. Met behulp van Opsienerkonferensies, waarop ses ingesetenes regstreeks verteenwoordig is, is daar steeds op tradisionele wyse getrag om orde te handhaaf, gesondheidsregulasies na te kom, gemeentegeboue te versorg en in stand te hou, tuine en landerye te laat bewerk en alle onreëlmatighede wat die gemeenskapslewe mag benadeel, te bestry.[2]

Kleurlinge wat op hierdie stasies hulle regte en voorregte wil behou, is derhalwe verplig om 'n positiewe bydrae tot hulle eie onderhoud en die instandhouding van die kerklike werksaamhede te lewer. Gevolglik word saailande, wintertuine en besproeibare tuinerwe bewerk, terwyl jongmense die sendingstasie verlaat om op omliggende dorpe verdienstes te gaan soek.[3]

Bowendien bied die verpagting van die slagtingsindustrie te Elim, die verhuur van die plaas Wittewater en die voordelige bestuur van winkels op hierdie stasies ook waardevolle bronne van inkomste vir die Provinsiale Bestuur.[4]

Ten spyte van hierdie rustige vooruitgang wag daar vir Elim sowel as Goedverwacht heelwat probleme in die nabye toekoms. Eersgenoemde is wel omhein, maar wat laasgenoemde betref, lê die lang en ingewikkelde berglandskap nog heeltemal oop. Hoewel daarmee reeds 'n aanvang gemaak is, sal die algehele omheining van hierdie stasie 'n betekenisvolle be-

1. Die Huisvriend, 25 Julie 1948 - Sien artikel, Clarkson in die Zitzikama, deur K. Schmidt.
2. Regulasies van die Sendingstasies, Goedverwacht en Elim.
3. Jahresbericht der S.A.W.-provinz, 1950; Jahresbericht Goedverwacht - Wittewater, 1949.
4. Jahresbericht der S.A.W.-provinz, 1950.

drag bedra. Selfs die kwessie van watervoorsiening, bestryding van gronderosie en die uitroeiing van onkruid en skadelike gewasse sal binnekort aansienlike uitgawes vir die Sendinggenootskap meebring.[1)]

(c) Alhoewel daar vroeër bemoedigende uitbreiding na buite plaasgevind het, is daar in die jongste tyd uitsluitlik op die aanleg van meer buitestasies en preekplekke gekonsentreer om sodoende alle lidmate 'n geestelike tuiste binne die raamwerk van die Morawiese Broederkerk te bied.[2)] Ten einde 'n goeie oorsig van die hele ontwikkelingsgang te kry, is ons derhalwe verplig om agtereenvolgens by alle landelike en stedelike gemeentes stil te staan en aan te toon watter rol hulle onderskeidelik in hierdie verband gespeel het.

Genadendal. Ondanks alle stoornisse wat hierdie oudste sendinggemeente op maatskaplike gebied beleef het, het die bestaande buitestasies te Beraa, Tygerhoek en Greyton steeds goeie vordering gemaak. Selfs die nuwe werkkring te Caledon wat gedurende die veertigerjare aangelê is, het ook in so 'n mate ontwikkel dat die kerkraad van die moedergemeente besluit het om hierdie preekplek tot die status van 'n buitegemeente te verhef. 'n Stuk grond vir kerklike doeleindes is reeds verkry en fondse word tans vir die daarstelling van 'n godshuis ingesamel.[3)]

Origens word ook weeklikse Bybellesse in 'n private woning te Voorstevlei gehou en periodieke dienste op sekere plase in Elgin en andere te Enon, Ganskraal en Krigestasie gereël.[4)]

Elim. Ten spyte van rustige uitbreiding na binne, het hierdie belangrike eiendomstasie geen noemenswaardige inisiatief

---

1. Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.

na buite aan die dag gelê nie. Dientengevolge is die buitestasies te Houtkloof en Sondagskloof asook die preekplek te Spanjaardskloof besig om te kwyn.[1)]

Mamre. Wat hierdie skenkingstasie betref, is daar besliste vordering te bespeur. Die buitegemeente op die plaas Modderrivier groei nog steeds en die ag omliggende plase wat vanuit Mamre bearbei word, het geensins skade gely nie. Geboutjies wat deur die eienaars tot beskikking van die Sending gestel is, is van tyd tot tyd opgeknap en die fondse wat deur middel van basaartjies ingesamel is, het die bearbeiding aanmerklik vergemaklik.[2)]

Enon. Net soos in die geval van Elim het hierdie sendingstasie in die jongste tyd weinig vordering na buite gemaak. Die Kosa-gemeente te Berseba word nog steeds bearbei, maar die gevaar bestaan dat hierdie buitestasie kragtens die toepassing van die Wysigingswet No. 12 van 1949 en die voorneme van die Regering om van Enon 'n suiwer Kleurlingneersetting te maak, heeltemal gaan uitsterf. Ten einde 'n totale ondergang te voorkom, word tans onderhandelings met die Sekretaris van Naturellesake gevoer en, alhoewel daar nog geen finaliteit bereik is nie, word die vertroue gekoester dat die Naturelle-lidmate hulle tradisionele tuiste in Berseba sal mag behou.[3)]

Clarkson. Naas die groot aantal buitestasies wat voreër vanuit Clarkson as die enigste hoofstasie vir die Tsitsikama aangelê is, is daar gedurende hierdie periode nog ander buiteposte te Kousa (Stormsrivier), Komansbos, Hermanuskraal, Doriskraal, Karreedouw en Sanddrift aangelê.[4)] Hierdie buitengewone uitbreiding het weer daartoe gelei dat die hoofgemeentes te Clarkson en Wittekleibosch nie alle arbeid onder die Kleurlinge en Fingoes wat in hierdie gebied woonag-

---

1. Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Georg Schmidt en sy Opvolgers, 1737-1937, 23.

tig is, kon baasraak nie. Ten gevolge hiervan is die vooruitstrewende buitepos te Blouleliesbosch in 1935 van die moedergemeente afgesny en sodoende is 'n derde selfstandige gemeente vir die Tsitsikama in die lewe geroep.[1)]

Sedertdien word die volgende buiteposte deur Clarkson bedien: Kafferbos, Woodlands, Hermanuskraal en Karreedouw, terwyl die hoofstasie, Wittekleibosch, Snyklip en Doriskraal bearbei. Op sy beurt bedien Blouleliesbosch op die oomblik Kousa, Komansbos en Sanddrift.[2)]

Pella. Hierdie vrystasie tussen Kaapstad en Mamre het ook bemoedigende vordering gemaak. Die preekplek te Riverlands, wat sedert 1945 oor 'n eie kerkie beskik, word nog gereeld vanuit Pella bearbei.[3)] Hierbenewens is daar ook gedurende die dertigerjare in die rigting van Melkboschstrand uitgebrei waar dienste in 'n private woning maandeliks gehou word.[4)] Origens is ook in 1950 met die bearbeiding van plaasvolk op die plaas, Morning Star, begin.[5)]

Goedverwacht-Wittewater. Vanaf die begin van die twintigerjare was die buite-arbeid van hierdie eiendomstasie nie alleen tot Wittewater en Kapteinskloof beperk nie, maar het ook stelselmatig in die rigting van die Piketbergse plato uitgebrei om sodoende die groot aantal Kleurlinge wat op die vrugteplase werksaam was, te bearbei.

Die eerste daadwerklike stap in hierdie rigting het ons in 1924 gevolg toe daar op versoek van mnr. W. Versveld 'n buitepos op sy plaas, Moutonsvallei, waar destyds die grootste konsentrasie van Kleurlingarbeiders was, gestig is.[6)] Behalwe hierdie buitestasie, is daar vanweë die ekonomiese eksploitasie van die platostreek en die indiensneming van

---

1. Georg Schmidt en sy Opvolgers, 1737-1937, 23.
2. Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950; Die Huisvriend, 25 Julie 1948 - Sien artikel, Clarkson in Zitzikama, deur R. Schmidt.
3. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
4. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 15; Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950.
5. Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950.
6. Jaarlikse inspeksierapport Moutonsvlei, 3 Maart 1924.

meer gekleurde arbeiders in die daaropvolgende jare ook preekplekke te Moutonshoek en Voorstevlei aangelê.[1]

Daar die snelle ontwikkeling van hierdie nuwe werkkring te veel tyd en kragte van die leraar van die moedergemeente in beslag geneem het, is die buitestasie te Moutonsvallei in 1949 van Goedverwacht afgesny en tot die status van 'n selfstandige gemeente verhef.[2] Hierna is die nuwe hoofstasie en die omliggende preekplekke deur 'n eie kleurlingleraar versorg.[3]

Hierbenewens het die moedergemeente te Goedverwacht ook in die rigting van Velddrift- uitgebrei. So is daar reeds in die dertigerjare 'n ander buitestasie te Sanddrift (1935)[4] en twee nuwe preekplekke te Kleinklipfontein en Adamboerskraal aangelê.[5] Alhoewel die vooruitsigte i.v.m. die verdere ontwikkeling van hierdie werkkringe uiters skraal is, het die moedergemeente wel daarin geslaag om op laasgenoemde preekplek 'n stukkie grond in hande te kry waar eersdaags beter fasiliteite vir kerk- en skooldoeleindes geskep sal word.[6]

Ten slotte is daar in 1949 ook 'n nuwe preekplek te Winkelshoek, die groot wynplaas van die gebroeders Hanekom, gestig. Hierdie werkkring word tans vanuit die hulpgemeente, Wittewater, bearbei.[7]

<u>Port Elizabeth</u>. Alhoewel die moedergemeente te Moravian Hope en die buitepos vir Naturelle te Walmer aanvanklik 'n sukkelbestaan gevoer het, is daar gedurende die afgelope twee dekades verbasende vordering i.v.m. die bearbeiding van Kleurlinge en Naturelle in en om Port Elizabeth gemaak.

---

1. Jahresbericht Goedverwacht-Wittewater, 1946
2. Ibid., 1949.
3. Ibid.
4. Ibid., 1935.
5. Ibid.
6. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz., 1950.
7. Jahresbericht Goedverwacht-Wittewater, 1949.

Deur middel van aankope en skenkings ter uitbreiding van die arbeidsfeer is daar vanaf 1936 tot 1950 agtereenvolgens 'n nuwe buitepos te Fairview (1936) en preekplekke in Korsten (1936), Veeplaats naby die Swartkopsrivier (1938), Hill's Kraal of Schauder Township (1938), Loerie sowat 36 myl vanaf Port Elizabeth (1940), New Brighton-lokasie (1941), Salisbury-park (1942), Nooitgedacht (1944), Hunter's Retreat (1945), St. Albans (1946), Penhaven-Southern Hills (1946), Witteklip (1946), Draaifontein (1946), Kleinskool naby Bethelsdorp (?), Elandsfontein(?) en Uitenhage (1950) gestig.[1] Bowendien het sommige werkkringe soos Fairview, Veeplaats, Loerie en Salisbury-park ook so fluks gegroei dat die Provinsiale Bestuur in 1944 verplig was om eersgenoemde buitestasie tot die status van 'n selfstandige gemeente te verhef terwyl laasgenoemde drie preekplekke tot buitegemeentes verklaar is.[2]

Vanweë hierdie reorganisasie bearbei die moedergemeente nou Walmer en Loerie as buitegemeentes, met Schauder Township, Kleinskool en Uitenhage as preekplekke, terwyl die nuwe selfstandige gemeente, Fairview, die buitegemeentes, Veeplaats en Salisbury-park en die orige preekplekke behartig.[3]

<u>Kaapstad</u>. Net soos in die geval van Port Elizabeth, het die Morawiese Broederkerk gedurende hierdie periode ook buitengewone vordering in Kaapstad gemaak.

Met die moedergemeente, Moravian Hill, aan die spits, is daar vanaf die dertigerjare ernstige pogings aangewend om meer eiendom vir die stigting van addisionele buitegemeentes in hande te kry. So is daar in 1935 met die oog op verdere uitbreiding vir die bloeiende buitegemeente, Lansdowne

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950; Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950; Goue Jubileum Moravian Hope, Port Elizabeth, 1899-1949, 6.
2. Die Huisvriend, 22 Oktober 1950 - Sien artikel, Kaapstad en Port Elizabeth, deur R. Schmidt.
3. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.

nog sewe persele bygekoop.[1] In dieselfde jaar het die moedergemeente ook 'n stuk grond bekend as die Welkom-landgoed as buitegemeente vir die ingesetenes van daardie geweste aangekoop.[2] Bogenoemde uitbreidings het die toename van die sieletal in so 'n mate beïnvloed dat hierdie stadsgedeelte met Lansdowne as middelpunt in die daaropvolgende jaar as selfstandige gemeente verklaar is.[3] Vanuit hierdie gemeente is onlangs 'n nuwe buitegemeente in Kewton ('n nuwe woonbuurt vir Kleurlinge) gestig waarheen baie van die meer gegoede lidmate van die moedergemeente verhuis het.[4] Op 'n stuk grond wat vir kerkdoeleindes van die Kaapstadse stadsraad ontvang is, sal eersdaags 'n kerkgebou deur die gemeente Lansdowne opgerig word.[5] Benewens hierdie vordering is daar in 1950 ook 'n preekplek in Philippi begin.[6]

Om enigsins vir die verlies van Lansdowne en sy buitegemeentes te vergoed, het die moedergemeente in 1936 in die rigting van Lakeside-Steenberg uitgebrei en 'n stuk grond langs die Koning George-hoofweg vir die stigting van 'n ander buitegemeente aangekoop.[7] Aangesien hierdie nuwe werkkring besonder vooruitstrewend was, moes dit reeds in 1949 van die moedergemeente as 'n selfstandige gemeente afgestig word.[8] Tans word vanuit hierdie gemeente ook 'n preekplek te Grassy Park bearbei.[9]

Ten spyte van die gedurige eksodus van gemeentelede na ander voorstedelike gebiede en die ontstaan van meer selfstandige gemeentes, kan die innerlike en uiterlike groei van die moedergemeente, Moravian Hill, nog altyd as kerngesond bestempel word.[10] Die Sondagskole wat tydens die

---

1. Jahresbericht Moravian Hill, Kapstadt, 1935.
2. Ibid.
3. Ibid., 1936.
4. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
5. Ibid.
6. Ibid.
7. Jahresbericht Moravian Hill, Kapstadt, 1936.
8. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1949.
9. Ibid., 1950.
10. Ibid.

oorlog in Bo-Kaap en Woodstock en onlangs in Seepunt geopen is, maak derhalwe ook goeie vordering.[1] Selfs die preekplek, Orangekloof, waar eersdaags ŉ skoolgebou gaan verrys, groei fluks en word nog steeds vanuit Moravian Hill bearbei.[2]

Die reeds vermelde selfstandige gemeente, Maitland, en die buitegemeente te Langa-lokasie het eweneens bemoedigende uitbreiding beleef. Die preekplek, Elsiesrivier-Matroosfontein, het ook so fluks gevorder dat hierdie werkkring tot die status van ŉ buitegemeente verhef is.[3] Bowendien is in 1950 ook ŉ Sondagskool en ŉ mannebond in Tiervlei gestig.[4]

2. Groter kerklike selfstandigheid en vordering op geestelike en morele gebied.

(a) Alle sendingwerk wat aanvanklik deur die Internasionale Morawiese Broederkerk in die Westelike Kaapprovinsie verrig is, het vanaf 1816 met behulp van ŉ Helperkonferensie (later Provinsiale Konferensie genoem) geskied, terwyl die belange van die individuele gemeentes deur Algemene Sendingkonferensies behartig is. Beide die Provinsiale en die Algemene Sendingkonferensies het weer op hulle beurt onder die direkte beheer van die Sendingdireksie en Herrnhut gestaan.[5]

Namate die verskillende sendinggemeentes in die daaropvolgende honderd jaar in die meeste opsigte getoon het dat hulle instaat was om self in die behoeftes van kerk en gemeente te kan voorsien, is daar in 1909 op die Algemene Sinode te Herrnhut besluit om aan die Morawiese Broederkerk in die Westelike Kaapprovinsie ŉ eie kerkorde te gee.[6] Ter

1. Jahresbericht der S.A.W. Provinz, 1950.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 12.
6. Kerkorde van de Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike Kaapprovinsie, 2.

uitvoering hiervan het die Sendingdireksie die leraars van die betrokke gemeentes in Suid-Afrika versoek om so spoedig moontlik 'n eie kerkorde op te stel.[1] Nadat vir enige jare belangrike voorbereidingswerk in hierdie verband verrig is, het hierdie gedenkwaardige historiese dokument uiteindelik op 21 Junie 1921 sy finale beslag gekry toe dit deur die Sendingdireksie voltooi en vir toepassing aan die gemeentes van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika geskenk is.[2] Aangesien heelwat tyd i.v.m. die reëling van die eerste Sinode of Kerkkonferensie te Elim in beslag geneem geneem is, het die nuwe kerklike bestuursvorm eers teen die einde van September 1922 in werking getree.[3]

Ooreenkomstig die nuwe verhouding tot die Internasionale Morawiese Broederkerk is alle geestelike leiding sedertdien onder die oppertoesig van 'n Raad van Administrasie,[4] aan die sorg van 'n Provinsiale Bestuur, bestaande uit drie lede, toevertrou.[5] Die voorsitter of Superintendent word deur die Sendingdireksie aangestel, terwyl die orige twee lede deur die Kerkkonferensie vir 'n periode van ongeveer drie jaar verkies word.[6] So lank die meerderheid van die geordende leraars blank was, het die twee verteenwoordigers uit blankes bestaan.[7] Namate die Kleurlingleraars die blankes wat getalsterkte betref, oorheers het,is ooreenkomstig die kerkorde van bogenoemde gebruik afgesien en i.p.v. twee blanke leraars word tans één blanke- en één Kleurlingleraar op die Provinsiale Bestuur gekies.[8] Origens

---

1. Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Wes,-telike Kaapprovinsie, 2.
2. Ibid., 5.
3. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 14.19 Leraars (5 waarvan Kleurlinge was) en 12 gekose afgevaardigdes was op die Kerkkonferensie teenwoordig.
4. Artikels 4-7, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 8.9.
5. Artikel 8, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk.......9.
6. Artikels 8-9, Kerkorde van...............................10.
7. Artikel 11, Kerkorde van...............................10.
8. Artikel 12, Kerkorde van...............................10.

vervul hierdie liggaam ook belangrike pligte. Kortliks saamgevat, kom dit neer op , die leiding van die kerk, die beroep van leraars,[1] die beroep van hoofde van kerkskole, die beroep van assistente wat uitsluitlik in diens van die kerk staan en die beheer oor die algemene kerkkas.[2]

Die bestuur van die individuele gemeentes, daarenteë, berus weer by Kerkrade.[3] Op sulke rade, waarvan die grootte deur die Provinsiale Bestuur vasgestel word, dien gewoonlik geordende leraars, sendelinge en hul gades, hulpleraars, hoofde van kerkskole (mits hulle lidmate van die Morawiese Broederkerk is) en gekose manlike of vroulike nagmaalgangers bo 25 jaar wat in volle besit van kerklike voorregte is en hulle pligte ten opsigte van die kerk vervul het.[4] Dusdanige verteenwoordigers is meestal persone wat 'n onberispelike huislike lewe lei, 'n sterk Christelike lewensbeskouing daarop nahou en aan geen kerklike tug vir 'n periode van drie jaar voor die verkiesing onderworpe was nie.[5] Verder duur die ampstyd van kerkraadslede gewoonlik drie jaar en, ofskoon een-derde jaarliks moet aftree, kan dergelike lede weer herkies word.[6] Indien 'n vakature egter ontstaan, word onmiddellik 'n verkiesing gehou en so 'n gekose lid dien dan slegs die res van die ampstyd van sy voorganger.[7]

Voordat 'n verkiesing van kerkraadslede kan plaasvind, moet 'n kieserslys deur die leraar asook 'n lys van kandidate deur die kerkraad opgestel vir minstens twee weke ter insage aan gemeentelede vrygestel word. Die tweede Sondag voor die

---

1. Wanneer blanke leraars beroep word, word daar gesamentlik deur die Provinsiale Bestuur en die Raad van Administrasie beraadslaag. Sien artikel 14, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid Afrika (Westelike K.P.), 11.
2. Artikel 13, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk.......10.
3. Artikel 33, Kerkorde van........................ 14.
4. Artikels 34-35, Kerkorde van.................. 14-15.
5. Artikel 37, Kerkorde van ...................... 15.
6. Artikel 39, Kerkorde van ...................... 16.
7. Artikel 40, Kerkorde van ...................... 16.

verkiesing word dan in die hoof- sowel as die buitegemeentes die verkiesingsdatum asook die name van die kandidate weereens aangekondig en algemene voorbidding vir die suksesvolle verloop daarvan gevra. Die verkiesingsvergadering word gewoonlik met 'n toespraak oor die betekenis van die verkiesing van kerkraadslede ingelei en daarna word slegs diegene wat teenwoordig is, toegelaat om hulle stem skriftelik uit te bring. Indien daar 'n staking van stemme plaasvind, moet die hele proses van vooraf herhaal word ten einde vas te stel op watter kandidate die meeste stemme uitgebring is. Na afloop van die verkiesing word die uitslag onmiddellik deur die leraar bekend gemaak.[1]

Alhoewel kerkraadsvergaderings slegs plaasvind wanneer dit noodsaaklik is, word dit in die reël minstens een maal per maand in hoofgemeentes gehou.[2] By sulke vergaderings tree die eerste leraar as voorsitter op, terwyl die sekretaris en kassier deur die raad self verkies word.[3] Die verloop van elke byeenkoms moet noukeurig genotuleer en deur die voorsitter en twee lede onderteken word.[4] Vir die neem van alle wettige besluite word 'n kworum van nie minder as die helfte van die totale aantal kerkraadslede vereis nie en, indien die stemme onder sulke omstandighede mag staak, moet so 'n saak bly oorstaan om desnoods by 'n later geleentheid weer aanhangig gemaak te word.[5]

Voorts loop kerkraadslede ook maklik gevaar om hulle amp te verbeur indien hulle vir een of ander misstap onder sensuur geplaas word of viermaal agtereenvolgens die sittings, behalwe in die geval van siekte, nie bywoon nie.[6]

In verband met die geestelike opbou van die gemeente

1. Artikel 41, Kerkorde van die Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 16-17.
2. Artikel 42, Kerkorde van ..................., 17.
3. Artikel 43, Kerkorde van..................., 17.
4. Artikel 44, Kerkorde van ..................., 17.
5. Artikel 45, Kerkorde van ...................., 17.
6. Artikel 46, Kerkorde van ...................., 17.

speel die kerkraad 'n uiters belangrike rol. In hierdie hoedanigheid besit hulle derhalwe die bevoegdheid om algemene vraagstukke rakende die kerklike bediening van hoof- en buitegemeentes, gevalle vir kerklike tug, aansoeke vir bevordering van een klas van 'n gemeente na 'n volgende klas,[1] aansoeke van persone om lidmaatskap en aansoeke van persone om tot die doop toegelaat te word, te behandel.[2] Ofskoon hulle ook somtyds deur die leraar versoek word om in sy afwesigheid as plaasvervangers by openbare dienste op te tree, besit hulle egter geen bevoegdheid om laasgenoemde as bedienaar van die Woord te betig nie.[3]

Bowendien behartig hulle ook die finansies van die gemeente. Die besondere pligte in hierdie verband behels veral die insameling van kerkgelde, die driemaandelikse aflewering van dergelike gelde deur die voorsitter aan die superintendent, die beheer van die plaaslike kerkkas, die tel van kerkollektes, die beslissing i.v.m. die besteding van alle inkomende gelde, behalwe kerkgelde, trougelde en gelde vir die betaling van sertifikate, die sorg vir fondse vir die instandhouding van kerkgeboue, skoolgeboue, kerkgereedskap en begraafplase asook die nagaan van die staat van inkomstes en uitgawes van die gemeente wat jaarliks aan alle volwasse lidmate ter insage uitgereik word.[4]

Origens dien ook daarop gewys te word dat alle gelde wat in die kerkkas gestort word, slegs vir kerk- en skooldoeleindes of vir die uitbreiding van Gods koninkryk aangewend word.[5] Kerkrade het dus nie die reg om die kerkkas

---

1. Artikel 47, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 18.
2. Elke gemeente word in 6 klasse verdeel: Avondmaalgangers, gedoopte volwassenes, gedoopte kinders, doopkandidate, nuwelinge en uitgeslotenes. Sien Artikel 122, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 18.
3. Artikels 48 & 49, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 18.
4. Artikel 50 en 55, Kerkorde van .......... .., 18-19.
5. Artikels 51-53, Kerkorde van ..............., 19;

te belas of enige lening aan te gaan sonder medewete en toestemming van die Provinsiale Bestuur nie.[1] Om derhalwe kontrole te verseker, moet die hoofleraar van elke gemeente jaarliks 'n begroting i.v.m. die plaaslike kerk- en skoolkas van sy arbeidsveld aan die Provinsiale Bestuur verstrek.[2]

(b) Ook wat die finansiële aspek van die Morawiese Broederkerk betref, is daar vanaf 1922 met meer vasberadenheid as ooit tevore na groter selfstandigheid gestrewe. Kragtens die Kerkorde is dan van alle lidmate kerkgeld, trougeld en gelde vir die verkryging van sertifikate gevra.[3] Elke avondmaalganger en gedoopte volwassene bo die ouderdom van agtien jaar moet jaarliks 'n bedrag wat deur die kerkkonferensie vasgestel word, in die kerkkas stort.[4] Gedeeltelike of algehele vrystelling van dergelike gelde word dikwels aan behoeftige gevalle verleen, maar indien 'n persoon die voorafgaande jaar se kerkgelde nie vereffen het nie, word hy onmiddellik van alle kerklike voorregte uitgesluit.[5] Sodra iemand egter vyf jaar op kwaadwillige wyse sy verpligtings t.o.v. die kerk ontduik het, verval alle herderlike sorg en word hy nie langer as lid van die gemeente beskou nie.[6]

Alle kerkgelde wat aldus ingesamel en kwartaalliks aan die Algemene kerkkas oorhandig word, behoort aan die Morawiese Broederkerk en word uitsluitlik vir die dekking van administrasiekoste van die kerk, die betaling van salarisse en pensioenė aan leraars en hulpleraars, die opleiding van leraars en onderwysers, reiskoste wat ten gevolge van die verplasing van leraars en onderwysers ontstaan, huurgelde

---

1. Artikel 54, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 19.
2. Artikel 56, Kerkorde van ..........., 19.
3. Artikel 17, Kerkorde van ..........., 11.
4. Persone op wie die eerste of/ die tweede graad van kerklike tug toegepas is, word nie van hierdie verpligting uitgesluit nie. Sien Artikel 18, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.)11.
5. Artikels 20 en 21, Kerkorde van ......... , 12.
6. Artikel 22, Kerkorde van ................ , 12.

vir amptelike wonings van leraars, koste i.v.m. kerkkonferensies, bydraes vir hulpbehoewende skole en drukkoste vir „Die Huisvriend" aangewend.[1)]

Verder moet die eerste leraar, op wie die finansiële boekhouding van elke gemeente rus, aan die einde van die finansiële jaar twee afskrifte van die jaarrekening en halfjaarliks twee afskrifte van die begroting van sy arbeidsgebied aan die Provinsiale Bestuur stuur.[2)] Op grond van hierdie begrotings word dan in oorleg met die Raad van Administrasie die jaarlikse begroting van die kerk finaal opgestel. Geen leraar, kerklike beampte of kerklike vergadering het hierna die reg om enige uitgawes aan te gaan waarvoor die begroting nie voorsiening gemaak het nie, tensy toestemming van die Provinsiale Bestuur vooraf daartoe verkry is.[3)]

Ook word daar gedurende die sessie van elke kerkkonferensie 'n Finansiële Kommissie, bestaande uit drie Suid-Afrikaanse broeders, aangestel. Hierdie kommissie gaan gewoonlik op die geldsake van die kerk in en bedien die afgevaardigdes dienooreenkomstig met die nodige advies.[4)]

Benewens hierdie finansiële bronne en die besteding daarvan tot voordeel van die kerk self, is daar ook sedert 1922 met die insameling van kollektes by sendingfeeste, sendingbidure en dergelike geleenthede begin.[5)] Ten gevolge hiervan was die Morawiese Broederkerk reeds vanaf 1927 instaat om 'n eie sendeling in Mbozi, Tanganyika, te onderhou en heelwat sendingwerk binne die grense van die Westelike Kaapprovinsie self te onderneem.[6)]

---

1. Artikels 23 en 24, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 12-13.
2. Artikels 25-27, Kerkorde van de ..........., 13.
3. Artikels 28 en 29, Kerkorde van de ........., 13.
4. Artikel 31, Kerkorde van ..................., 14.
5. Artikel 32, Kerkorde van de ................, 14.
6. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 24.

(c) Ondanks die feit dat die kweekskool weens gebrek aan fondse teen die einde van 1920 gesluit moes word, is daar nogtans goeie vordering i.v.m. die opleiding van jong onderwysers as geestelikes gedurende hierdie periode gemaak.

Nadat dan die laaste driejarige kursus te Genadendal vir teologiese kandidate onder leiding van eerww. G. Hettasch en W. Winckler in 1924 ten einde geloop het,[1] is daar na die aankoms van eerw. P.W. Schaberg, die huidige superintendent en biskop van die Morawiese Brœderkerk, 'n Bybelklas vanaf 1930 - '32 te Elim gereël.[2]

Vanweë sy vertrek na die gemeente Moravian Hill twee jaar later, is toe besluit dat alle opleiding van kleurlinggeestelikes voortaan in Kaapstad sou geskied. Drie kursusse is derhalwe gedurende die jare 1934 - '37, 1938 - '40[3] en 1948 - '50[4] alhier gereël. Gedurende die eerste kursus het eerw. Schaberg self as dosent opgetree, maar tydens sy afwesigheid gedurende die jongste wêreldoorlog, is die tweede deur eerw. D. Krüger waargeneem.[5] Laasgenoemde het ook met die derde kursus 'n aanvang gemaak, terwyl dit deur eerw. Schaberg by sy terugkeer voltooi is.[6]

Vanaf 1952 is die Morawiese Broederkerk egter voornemens om 'n nuwe bybelskool in Fairview, Port Elizabeth, te open.[7] 'n Doelmatige inrigting asook twee lokale om die Kleurling- en Naturelle-studente te huisves, sal vir die doel eersdaags opgerig word. Kursusse vir Evangeliste sowel as kerklike arbeiders en arbeidsters word in die vooruitsig gestel en, benewens die toelating van diensdoende onderwysers, sal ook vir die eerste maal aan jongmanne wat nie in die diens van die kerk staan nie, die geleentheid

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1925, 20.
2. Jaarverslag van Genadendal, 1929.
3. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 15.
4. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
5. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 15.
6. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
7. Ibid.

gebied word om hulle vir die leraarsamp te bekwaam.[1] As gevolg van hierdie jongste besluit het die Morawiese Broederkerk dus veel nader aan die uiteindelike verwesenliking van die selfstandigheidsideaal as ooit te vore gekom.

Ondanks alle vooruitgang het die skerp rasseteenstelling, wat aan Suid-Afrika eie is, dikwels probleme opgelewer wanneer blanke sendelinge deur kleurlingleraars vervang is. Gevolglik moes nog vir etlike jare met groot versigtigheid gehandel word wanneer vakatures i.v.m. plattelandse gemeentes ontstaan het.[2] Namate die aantal blanke leraars vanweë dood en aftrede egter aanmerklik verminder het, was die Provinsiale Bestuur verplig om enige kleurlingonderwysers wat 'n geruime tyd onder toesig en leiding in groot gemeentes as hulpleraars en skoolhoofde werksaam was as leraars van selfstandige gemeentes te orden. Op hierdie wyse het die kleurlingleraars geleidelik die plek van die blanke sendelinge ingeneem, sodat daar tans slegs 5 blankes uit 'n totaal van 19 geestelikes oorgebly het.[3]

Baie van hierdie kleurlinggeestelikes het in die jongste tyd aanmerklik vordering gemaak en, vanweë hulle dubbele amp as leraars en hoofonderwysers, het hulle in werklikheid hulle blanke kollegas wat inkomste en aansien betref, verby gestroef.[4] Desnieteenstaande word die blankes nog steeds met groot agting bejeën en word hulle leiding op geestelike gebied voorlopig nog as onmisbaar beskou.

(d) Ooreenkomstig die Kerkorde van 1922 word daar nog steeds wat die aard en inhoud van die godsdienstige en sedelike opvoeding betref op konserwatiewe wyse aan tradisionele instellings vasgeklem.[5] Dientengevolge word elke gemeente in ses klasse verdeel:

---

1. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 395.
3. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
4. Schulze: t.a.p., 395.
5. Ibid., 400.

(i) Avondmaalgangers,

(ii) Gedoopte volwassenes d.w.s. alle gedooptes wat die ouderdomsgrens van skoolpligtigheid reeds oorskrei het, maar nog nie aangeneem is nie,

(iii) Gedoopte kinders d.w.s. alle gedooptes tot en met die ouderdomsgrens van skoolpligtigheid (Sodra dusdanige leerlinge die skool verlaat en die ouderdom van veertien jaar bereik het, word hulle na die klas van gedoopte volwassenes oorgeplaas),

(iv) Doopkandidate d.w.s. alle persone wat toegelaat word om as doopkandidate onderrig te ontvang,

(v) Nuwelinge d.w.s. alle ongedooptes, kinders sowel as „uitwoners", wat wel onder die geklank van Gods Woord staan, maar nog nie tot die onderrig as doopkandidate toegelaat is nie, en

(vi) Uitgeslotenes d.w.s. alle lidmate op wie die tweede graad van kerklike tug toegepas is, onverskillig tot welke van die bovermelde klasse hulle behoort.[1)]

Ter bevordering van die geestelike en morele welsyn van hierdie klasse binne elke gemeente, is die leraars dan naas die verkondiging van die Evangelie, die lei van openbare godsdiensoefeninge, die bediening van doop en avondmaal, die hou van begrafnisse en ander amptelike pligte soos die bestuur van kerkraadsvergaderings, die hou van kerklike boeke, korrespondensie i.v.m. gemeentelike werksaamhede en die beheer oor en die instandhou van die kerklike argiewe,[2)] ook belas met „het voorbereidend onderricht voor de doop, het onderricht voor de doopkandidaten, en het onderricht voor de konfirmatie".[3)]

Jaarliks word dus aan alle ongedoopte volwassenes by wie daar 'n diep besef van sonde en 'n opregte begeerte na heil en geloof in Jesus Christus bestaan vir ongeveer drie weke onderrig in die grondbegrippe van die doop en die avondmaal gegee. Indien die leraar daarvan oortuig is dat die dopelinge sonder enige voorbehoud as volwaardige lidmate be-

---

1. Artikel 122, Kerkeorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 33.
2. Artikel 39, Kerkeorde van ............, 37-38.
3. Ibid., 38.

skou kan word, word hulle onmiddellik toegelaat om van die heilige avondmaal gebruik te maak. Waar daar egter enigsins 'n mate van twyfel bestaan, word hierdie voorreg tydelik uitgestel.[1)]

Eweneens word ook dopelinge wat die ouderdom van agtien jaar bereik het asook avondmaalsgangers van ander kerkgenootskappe wat verlof tot lidmaatskap van die Morawiese Broederkerk ontvang het, jaarliks as lidmate aangeneem.[2)] Hierdie voorbereiding in teenstelling met dié van doopkandidate, is veel meer omvattend en behels 'n uitvoerige studie van die belydenisskrifte waarvan die onderrig oor etlike weke verspreid is.[3)]

Gemeentelede wat derhalwe op hierdie wyse of andersyds vordering gemaak het, het dan die reg om tydens 'n „Algemene Spreken" by die leraar aansoek te doen om na 'n hoër klas bevorder te word. Eers nadat hierdie aansoeke finaal deur die kerkraad goedgekeur en by wyse van 'n aankondiging aan die gemeente bekend gemaak is, het dusdanige persone die reg om in die verskillende voorregte wat vir die onderskeie klasse daargestel is, te deel.[4)]

Hierbenewens word ook besonder veel aandag aan die godsdienstige onderrig van gedoopte kinders van skoolpligtige ouderdom in Sondagskole bestee. Ofskoon die onderrig uitsluitlik net tot die aanleer van Bybelgeskiedenis en gesange beperk is, word hier nogtans belangrike voorbereidingswerk ten bate van toekomstige lidmate verrig. Die totaal van 33 Sondagskole in die hoof- en buitegemeentes wat altesame deur 3458 kinders bygewoon word, getuig dus van die belangrike funksie wat hierdie orgaan i.v.m. die geestelike bedrywighede van die Morawiese Broederkerk verrig.[5)]

---

1. Artikels 94-97, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 27-28.
2. Artikels 100 en 124, Kerkorde van ........., 28 en 34.
3. Artikel 100, Kerkeorde van ................, 28-29.
4. Artikel 123, Kerkorde van de ..............., 34.
5. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.

Bowendien beskou die Morawiese Broederkerk die uitoefening van kerklike tug ook as onmisbaar vir „de opvoeding van de gemeente en van al haar leden voor hun hemelse roeping".[1] As sodanig rus dan op elke leraar die plig om hom met die grootste getrouheid aan hierdie gedeelte van sy amp te wy. Hy moet derhalwe alle afgedwaaldes opsoek, hulle ernstig bestraf of in 'n gees van liefde vermaan. Daarbenewens is dit van besondere belang dat die leraar, ingeval die toepassing van tug noodsaaklik blyk, deur die gemeente kragdadig ondersteun sal word. In ernstige gevalle moet die beskuldigde, indien hy dit verlang, egter geleentheid gebied word om saam met die aanklaer voor die leraar te verskyn.[2]

Op grond van die woorde van Christus en Sy Apostels word slegs drie grade van kerklike tug toegepas. Die eerste graad bestaan gewoonlik uit 'n broederlike dog amptelike vermaning en, indien so 'n persoon nie in die regte sielstoestand verkeer nie, word hy verder aangeraai om hom liewers van die avondmaalstafel te onthou.[3] Die tweede graad van kerklike tug maak voorsiening vir uitsluiting van die avondmaal vir 'n bepaalde of onbepaalde tyd en word uitsluitlik in gevalle van ernstige oortredings van Gods Gebooie toegepas. Oor die toepassing en opheffing van hierdie vorm van kerktug besluit die kerkraad, maar in ieder geval moet die „avondmaalsgemeente" van sodanige gevalle verwittig word. Enige uitgeslotene mag ook nie aan kerklike verkiesings deelneem nie of by die doop van 'n kind as vader of moeder optree nie. Indien beide vader en modeer onder die tweede vorm van kerktug staan, kan hulle kinders ook nie gedoop word nie. Selfs by huwelike en begrafnisse word alle kerklike eerbewyse aan uitgeslotenes geweier.[4] Die derde

---

1. Artikel 113, Kerkorde van de MoraWiese Broederkekk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 31.
2. Artikels 113-114, Kerkorde van de ......... , 31.
3. Artikel 116, Kerkorde van de .............. , 31
4. Artikels 117-118, Kerkorde van de ........... 32

vorm van kerklike tug geld slegs vir persone wat vir jare in sonde bly volhard. In sulke gevalle beslis die kerkraad gewoonlik dat alle kontak met die gemeente afgesny word.[1]

Ook op gedoopte volwassenes kan kerktug toegepas word. Indien die leraar daarvan oortuig is dat n oortreding kerklike tug vereis en dat dit deur die gemeente bekragtig moet word, word die beskuldigde versoek om voor n kerklike vergadering of in die privaat voor die leraar te verskyn. As dusdanige persoon herhaaldelik in gebreke bly om, behalwe in die geval van wettige verhindering, in persoon op te daag, maak hy hom skuldig aan ongehoorsaamheid en dientengevolge onderhewig aan verdere kerklike tug.[2]

Andersyds is daar ook net soos voorheen heelwat literatuur ter bevordering van die geestelike en morele welsyn van lidmate gedruk en versprei. Behalwe die maandelikse publikasie van die godsdienstige Sondagsblad, „Die Huisvriend", het sedert 1922 die volgende verskeidenheid van godsdienstige, opvoedkungige, historiese en morele geskrifte die lig gesien: Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike Kaap-provincie), 1923; Elim, 1824-1924 (W. Winckler); Het honderdjarige Jubelfeest van de Zending-statie, Elim (D.S. Kroneberg); Mission Schools their difficulties and how to overcome them, (T.G. Renkewitz); Training School, Genadendal (T.G. Renkewitz). Hoe sosiale euwels te bestry (E.S. Dietrich); Het Eeuwfeest te Shiloh (E.S. Dietrich); Wat kunnen wij doen om het geestelijke leven in onze gemeenten op te wekken en te bevorderen (W. Winckler); Die opleiding van ons kerklike werkers (W. Winckler); Georg Schmidt en Korporaal Karel Kampen; Drie model-

1. Artikel 119, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 32
2. Artikels 120-121, Kerkorde van ............., 32-33

lessen voor Godsdienstonderwijs (C. Schreve); De stryd teen de onzedelikheid (R. Schmidt); Twee wegen (R. Schmidt); De klok en hare boodschap (R. Schmidt); Samenwerking van gezonden en kranken tegen de Teringziekte (R. Schmidt); Hemel en Aarde (R. Schmidt); Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Junie 1914 (R. Schmidt); Kerstfeestspel (R. Schmidt); Die Pinkster van Herrnhut (R. Schmidt); Die begin van die Sendingwerk van die Morawiese Broederkerk (R. Schmidt); Die 200-jarige Jubelfeest van die Sending van die Morawiese Broederkerk (R. Schmidt); Christelijke onderwijs in de school (C. Schreve).[1] Die mees resente en merkwaardigste prestasie in hierdie verband is egter die vertaling en geleidelike invoering van die Afrikaanse gesangboek. Ter aanvulling hiervan sal eersdaags 'n nootboek met solfa-melodieë te Genadendal gedruk word.[2]

Verder word ook deur middel van verskillende Christelike verenigings soos die Broederkring, Sustersvereniging, Jongdogtersvereniging, Jongelingsvereniging, Matigheidsvereniging e.a. heelwat geestelike en sedelike opheffingswerk onder noodlydendes, afvalliges en laaggesonkenes deur leraars, getroue ouderlinge en gewillige helpers verrig.[3]

Selfs die kerk- en basuinkore het 'n wesentlike bydrae tot die verryking van die godsdienstige lewe gelewer. Behalwe die opluistering van eredienste op Sondae en ander feesdae, tree die kore ook by geselligheide en ander gemeentelike byeenkomste op. Voorts reël dit funksies ter ondersteuning van die plaaslike kerkkas, samel fondse in vir die aankoop van musiekstukke en -instrumente en verrig bowenal heelwat liefdadigheidswerk ten bate van koorlede self.[4]

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 21.
2. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
3. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 400.
4. Ibid., 400-401; Jaarverslag van Moravian Hope met buitestasies en preekplekke, 1941.

Origens het sommige moedergemeentes ook so 'n mate van finansiële selfstandigheid bereik dat daar besluit is om die ou lokale wat vroeër in die hoof- en buitegemeentes vir kerk- en skooldoeleindes aangewend is deur nuwe godshuise te vervang. Met behulp van fondse wat vir hierdie doel ingesamel is, is dan in die jongste tyd ook sierlike kerkgeboue te Maitland (1925), Zondagskloof (1928), Welkom-Landgoed (1937), Lansdowne (1939), Loerie (1943) en Riverlands (1945) daargestel.[1)]

Vanweë al hierdie bydraes i.v.m. die geestelike en sedelike opheffing van Kleurlinge, het die Morawiese Broederkerk ondanks die veelvuldige karakterswakhede van sy lidmate nogtans noemenswaardige vordering gemaak.[2)] Newegaande statistiese gegewens i.s. die aantal siele, gedoopte lidmate en avondmaalgangers vir 1950 dien derhalwe as 'n bevestiging van bovermelde bewering en dui voorts daarop dat die kerk in alle opsigte sy bestaan as 'n volwaardige liggaam regverdig het.

| Gemeentes en buitegemeentes. | Begin | Avondmaalgangers. | Gedoopte Volwassenes | Siele. |
|---|---|---|---|---|
| Genadendal | 1737 | 568 | 258 | 2753 |
| Berea | 1865 | 56 | 31 | 236 |
| Greyton | 1910 | 18 | 10 | 59 |
| Tygerhoek | 1906 | 14 | 2 | 137 |
| Mamre | 1808 | 568 | 576 | 2369 |
| Modderrivier | 1906 | 42 | 10 | 128 |
| Enon | 1818 | 248 | 145 | 736 |
| Berseba | 1900 | 143 | 15 | 331 |
| Elim | 1824 | 490 | 329 | 1277 |
| Houtkloof | 1850 | - | - | 79 |
| Sondagskloof | ? | - | - | 61 |
| Clarkson | 1839 | 250 | 206 | 848 |
| Kafferbos | ? | 51 | 49 | 241 |
| Woodlands | ? | 109 | 52 | 315 |
| Goedverwacht | 1845 | 405 | 170 | 1157 |
| Kapteinskloof | ? | 47 | 56 | 205 |
| Sanddrift | ? | 70 | 56 | 243 |

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 401.

| Gemeentes en buitegemeentes. | Begin | Avondmaalgangers. | Gedoopte Volwassenes. | Siele |
|---|---|---|---|---|
| Moutonsvlei | ? | 162 | 90 | 531 |
| Wittewater | 1859 | 195 | 156 | 672 |
| Wittekleibosch | 1866 | 56 | - | 169 |
| Snyklip en Doriskraal | ? | 106 | - | 381 |
| Pella | 1869 | 457 | 389 | 1586 |
| Moravian Hill | 1886 | 843 | 217 | 1944 |
| Moravian Hope | 1898 | 472 | 14 | 1076 |
| Walmer | 1902 | 82 | 8 | 181 |
| Loerie | 1940 | 36 | 12 | 136 |
| Maitland | 1903 | 333 | 24 | 754 |
| Elsiesrivier | ? | - | - | - |
| Langa | ? | - | - | - |
| Blouleliesbosch | 1914 | 110 | 55 | 360 |
| (Kousa) Stormsrivier | ? | 37 | 15 | 136 |
| Komansbos | ? | 40 | 32 | 143 |
| Lansdowne | 1916 | 355 | | |
| Welkom-landgoed | 1935 | - | - | - |
| Fairview | 1936 | 189 | 43 | 485 |
| Veeplaats | 1936 | 48 | 1 | 124 |
| Salisbury Park | 1946 | 14 | 16 | 74 |
| Steenberg | 1936 | - | - | - |
| Totaal | | 6653 | 3071 | 20697 [1] |

(e) Alhoewel die groter mate van kerklike beheer in 1922 met groot entoesiasme begroet is, het dit spoedig geblyk dat volle selfstandigheid alleen verseker kan word indien alle eiendomme wat op die haam van die „Moravian Mission Institution" en/of die „Moravian Mission Trading Company" gestaan het sonder enige voorbehoud aan die Morawiese Broederkerk oorgedra word.

Ofskoon soiets op hierdie stadium konstitusioneel heeltemal onmoontlik was, het die Sendingdireksie nogtans 'n besluit van die Kerkkonferensie in 1927 goedgekeur en so aan die Morawiese Broederkerk die reg verleen om vaste eiendomme aan te skaf.[2] As eerste geskenk het laasgenoemde dan nie minder as ses eiendomme ter waarde van £9395 van die Sendinggenootskap ontvang nie wat sedertdien in naam in trust van die kerk getransporteer is.[3]

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 14.
3. Die eiendomme is: Die Skoolgrond te Moravian Hill, drie standplase te Greyton, Houtkloof, Woodlands, Pella en die gronde waarop die kerkgebou en begraafplaas in Port Elizabeth geleë is; Schmidt: t.a.p., 14-15.

Ondanks hierdie vriendelike gebaar het daar tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe alle onderhandelings met oorsese liggame tydelik gestaak is, soveel wrywing tussen die gemeentes en die Morawiese Broederkerk aan die eenkant, en die Sendinggenootskap aan die anderkant ontstaan dat eersgenoemde die Internasionale Broederkerk met 'n totale afskeiding bedreig het.[1]

Ten einde soiets te voorkom, het die Algemene Sinode wat in 1948 te Bad Boll, Württenburg, vergader het, besluit dat die hele kwessie van oordraging binne die eersvolgende tien jaar kon plaasvind met dien verstande dat alle finansiële verantwoordelikheid (die salarisse van blanke leraars ingesluit) voortaan deur die Morawiese Broederkerk self gedra moes word.

Vanaf 11 Julie 1949 beklee die Morawiese Broederkerk in die Westelike Kaapprovinsie nou die status van 'n selfstandige provinsie in oorgangstadium en geniet nog jaarliks 'n subsidie van die Sendingdireksie wat geleidelik verminder en uiteindelik sal staak sodra die kwessie van oordraging afgehandel en algehele selfstandigwording in 1959 'n voldonge feit is.[2]

3. Vordering in sake opleiding van Kleurlingonderwysers aan interkerklike inrigtings.

(a) Na die sluiting van die kweekskool in 1920, is Kleurlingkwekelinge sedertdien tot 1934 met verlof van die Onderwysdepartement aan die Genadendalse Sendingskool opgelei.[3] Ofskoon hierdie vergunning eintlik teenstrydig met die beleid van die Onderwysdepartement was, het die nuwe direkteur en huisvader, eerw. G. Hettasch, in medewerking met die Kleurlingskoolhoof, eerw. D. Kroneberg, vanaf 1921 tot

---

1. Betroubare mededeling soos verstrek deur eerw. Biskop P.W. Schaberg.

2. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1951.
3. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 19.

1927 daarin geslaag om nie alleen die aantal studente aansienlik te verhoog nie, maar ook besonder goeie uitslae te lewer.[1)]

Desnieteenstaande was die behoefte aan groter doeltreffendheid i.v.m. die opleiding van Kleurling-onderwysers in die algemeen so groot, dat daar met die oog op die suksesvolle deurvoering van die sentralisasiebeleid soos deur die nuwe Superintendent-generaal van Onderwys, dr. W.J. Viljoen, voorgestaan, besluit is dat die Morawiese, Rynse en Berlynse Sendinggenootskappe maar slegs een groot opleidingskool kon hê en dat daar, wat die ligging daarvan betref, tussen Genadendal en Worcester gekies moes word.[2)] Ten einde aan hierdie versoek te voldoen is toe in 1925 'n konferensie deur die drie Duitse Sendinggenootskappe te Worcester belê en nadat behoorlike oorweging aan die saak geskenk is, het vyf uit die ses verteenwoordigers hulle ten gunste van Genadendal uitgespreek.[3)]

Die Kleurlingbevolking van Worcester het ernstig teen hierdie besluit geprotesteer en ten einde hierdie beslissing te verydel, is daar met behulp van die Provinsiale Raadslid alle moontlike pogings in die werk gestel om druk op die Superintendent-generaal van Onderwys uit te oefen.[4)] In hoeverre dr. Viljoen deur hierdie agitasie beïnvloed is, kon nie met sekerheid gesê word nie, maar aangesien dit sy strewe was om die gevestigde regte van plaaslike kampvegters van die onderwys te eerbiedig en plaaslike ywer en onderneming in belang van die onderwys aan te moedig, het hy in 1926 sy beslissing ten gunste van Worcester gegee.[5)] Ten

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 19. In 1924 was daar 34 studente waarvan 11 meisies was. In 1927 het die getalle op 31 (9 waarvan meisies was) te staan gekom.
2. Ibid., 19-20.
3. Ibid., 20.
4. Ibid.
5. Ibid.

einde uitvoering te gee aan hierdie besluit en oorskakeling te bewerkstellig, is daar bepaal dat tot 1928 al drie die jaarkursusse vir eerste-, tweede- en derdejaarstudente doseer kon word; in 1929 slegs die eerste- en derdejaarsklasse en vanaf 1930 tot 1935 uitsluitlik net eerstejaarsklasse.[1)]

Nadat in 1928 weereens ꞌn mislukte poging deur die Morawiërs aangewend is om die bogemelde plan van sentralisasie vir nog ꞌn jaar uitgestel te kry,[2)] het dr. Viljoen uiteindelik op versoek van mnr. J. Krige, L.V. vir Caledon, sy bereidwilligheid betuig om ꞌn deputasie van die Morawiese Sending te ontmoet om sodoende nuwe gesigspunte van die saak te bespreek en desnoods sy beslissing van 1926 in heroorweging te neem.[3)] Daar die onverwagte afsterwe van dr. Viljoen die uitvoering van bovermelde belofte vertraag het, het ꞌn afvaardiging bestaande uit die nuwe Superintendent-generaal, prof. M.C. Botha, mnr. J.Z. le Roux L.P.R. en mnr. J.F. Swanepoel, Inspekteur van Onderwys, in 1929 ꞌn ondersoek na die moontlikhede vir die stigting van ꞌn nuwe opleidingskool te Genadendal ingestel.[4)] Ofskoon prof. Botha baie simpatiek na die pleidooi van die Morawiërs geluister het, het hy later sy spyt te kenne gegee, dat dit onmoontlik was om die besluit van sy voorganger te hersien.[5)]

Nog nie ontmoedig deur hierdie terugslag nie, is daar in 1929 ꞌn laaste poging aangewend om ꞌn sentrum vir die opleiding van onderwyseresse te Genadendal te verkry.[6)] Ook hierdie aansoek is om dieselfde rede deur die Superintendent-generaal van Onderwys van die hand gewys.[7)] Nadat die

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 80.
2. Schmidt - Superintendent-generaal van Onderwys, 4.6.1928; Superintendent-generaal van Onderwys - R. Schmidt, 30.8. 1928.
3. Superintendent-Generaal van Onderwys - J. Krige, 26.8.1928.
4. Sien briewe Schmidt - J. Krige en J.Z. le Roux, 26.8.1928; Schmidt - Superintendent-Generaal van Onderwys, 25.8.1929.
5. Superintendent-Generaal van Onderwys - Schmidt, 25.11.1929.
6. Schmidt - Superintendent-Generaal van Onderwys, 30.11.1929.
7. Superintendent-Generaal van Onderwys - Schmidt, 11.12.1929.

laaste drie studente hulle finale eksamen in 1934 met goeie gevolg afgelê het, is die meeste studentonderwysers wat aan die Morawiese Broederkerk behoort, voortaan in Worcester opgelei.[1)]

In 1929 is dus 'n belangrike mylpaal bereik toe die Rynse Kleurlingskool te Worcester tot die status van 'n interkerklike opleidingskool verhef is.[2)] Weldra was die gebou te klein en so is gedurende die jare 1934 tot 1935 klaskamers vir omtrent £600 aangebou. Ook die oefenskool is na die gronde van die opleidingskool verskuif, waar dit in 'n pragtige gebou wat teen 'n koste van £7,500 opgerig is, gehuisves is.[3)]

Vanaf 1930 is ook losies- en vervoerbeurse aan studentonderwysers toegestaan en ten gevolge hiervan was dit vir elke belowende Kleurlingleerling, wat aan die Morawiese Broederkerk behoort het, moontlik om sekondêre onderwys of opleiding as onderwyser te ontvang selfs al sou hy nie in 'n dorp woonagtig wees waar sulke fasiliteite beskikbaar is nie.[4)] Bowendien is in dieselfde jaar ook 'n stelsel van lenings vir Kleurlingonderwysers ingestel en so het die Onderwysdepartement daarin geslaag om die status van die onderwysprofessie aansienlik te verhoog.[5)]

(b ) Ook wat die aard en inhoud van die opleiding van Kleurlingonderwysers betref, is daar gedurende hierdie periode aanmerklike vordering gemaak.

Alhoewel die kwekelingstelsel aan die begin van die twintigerjare nog altyd in Genadendal en ander opleidingsentrums vir Kleurlinge in swang was, is daar na heelwat voorbereidingswerk i.v.m. die opstelling van konsep-leer-

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika 1838-1927-1935, 20.
2. Report of the Superintendent-General of Education, 31 Desember 1929, 23.
3. Rapport van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die twee jaar 1934 & 1935, 97.
4. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1930, 31.
5. Ibid.

planne[1] agtereenvolgens 'n driejarige Laer Primêre Kursus wat die ou Kwekeling Junior Kursus vervang het (1924), 'n tweejarige Hoër Primêre Kursus (1926) en 'n kursus vir Kleinkinderonderwyseresse (1929) ingestel.[2] Die toelatingsvereiste vir die Laer Kursus het nog steeds std. VI gebly, maar dié vir die Hoër Kursus is tot die peil van std. VIII verhef. Studente wat die Laer Primêre Onderwysertifikaat verwerf het, is ook toegelaat om na 'n jaar van verdere studie die Hoër Primêre Onderwysertifikaat te verwerf. Aangesien die toelatingsvereiste besonder laag was, het die eerstejaarskursus vir die Laer Primêre Onderwysertifikaat slegs uit 'n voorbereidingskursus bestaan waarin geen professionele opleiding verskaf is nie. Nietemin moes alle eerstejaarstudente 'n streng toets in die twee offisiële tale aflê alvorens hulle tot die tweejaarskursus bevorder kon word. Verder is besonder veel klem in al drie kursusse op industriële opleiding en die onderrig van vakke soos handearbeid en Suid-Afrikaanse Geskiedenis gelê. Hierbenewens is ook 'n mondelinge toets i.v.m. die tweede taal sowel as 'n elementêre kursus in Wetenskap en 'n praktiese kursus in Fisiologie en Higiëne vir die eerste maal ingestel.[3]

Ofskoon daar langs hierdie weë 'n aansienlike korps van goed-bevoegde Kleurlingonderwysers opgelei is, is in 1935 weereens die toelatingsvereistes vir die Laer Primêre Kursus van std. VI tot std. VIII verhoog om sodoende die moontlikheid vir 'n surplus binne afsienbare tyd te verhoed.[4]

---

1. Report of the Superintendent General of Education for two years, 1923-1924, 84.
2. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937), 357.
3. Report of the Superintendent General of Education for the years 1923-1924, 44.
4. Ibid., 1932-1933, 46;
   Ibid., 1934-1935, 97-98.

Die name van die sertifikate en die salaris daaraan verbonde het weliswaar onveranderd gebly, maar wat die inhoud betref, het die Hoër Primêre Sertikaat 'n veel meer gevorde studiekursus as dié van die Laer Primêre Sertifikaat bevat.[1] Bowendien is in dieselfde jaar ook voorsiening gemaak vir die afneem van 'n eie Tweetaligheidsertifikaat aangesien die Kleurlingonderwysers in die reël baie laks was om hulle vir dieselfde eksamen wat vir blankes bedoel was te laat inskryf.[2]

As gevolg van die verhoging van die toelatingstandaard tot die peil van die Junior Sertifikaat het sommige inrigtings in Januarie 1935 vir die laaste keer studente vir die eerstejaarskursus van die Laer Primêre Onderwysereksamen ingeskryf. Andere inrigtings daarenteë het egter wyslik besluit om selfs in 1935 geen eerstejaarsklasse vir hierdie kursus meer te vorm nie en uitsluitlik net op die Hoër Primêre Klasse te konsentreer. Die onderwyser wat derhalwe met std. VI die opleidingsinrigting binnegekom het, was dus na die end van 1937 nie meer te vind nie.[3]

Aangesien bovermelde verbeterings die status van die onderwysprofessie aansienlik verhoog het, is intussen belangrike voorbereidingswerk i.v.m. die instelling van 'n nuwe Primêre Onderwyserskursus en gespesialiseerde kursusse ter verkryging van 'n Hoër Primêre Onderwysersertifkkaat, gedoen.[4] Nadat dan oorleg met die hoofde van Kleurling-opleidingsinrigtings gepleeg en nuttige wenke oor die aard en inhoud van die kursusse van hulle ontvang is,[5] is aan die begin van 1938 'n tweejarige Primêre Onderwyserskursus

1. Report of the Superintendent General of Education for two years, 1932-1933, 46.
2. Ibid., 1934-1935, 99.
3. Ibid., 97-98.
4. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys vir twee jaar, 1934-1935, 98-99.
5. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1936, 66-67.

met min of meer dieselfde leerplan as dié wat pas in gebruik vir die Hoër Primêre Kursus gekom het, asook eenjarige gespesialiseerde kursusse in Handearbeid, Musiek, Liggaamsopvoeding en Kuns en Kunshandwerk, geskoei op die lees van die bestaande spesiale kursusse aan die blanke opleidingskolleges, ingestel.[1] Origens is ook bepaal dat voortaan interne eksamens in vakke soos Elementêre Wiskunde, Elementêre Higiëne, Elementêre Wetenskap en Natuurstudie, Liggaamsopvoeding, Handskrif en Letterkunde vir die Primêre Onderwyserskursus afgeneem sal word.[2]

Nieteenstaande hierdie vordering is dikwels van owerheidsweë ?kla dat, hoewel daar nie van 'n gebrekkige toevoer van Kleurlingonderwysers sprake is nie, te veel mans en te min vroue opgelei word.[3] Ofskoon die Onderwysdepartement in hierdie verband sy reëls aansienlik verslap het en selfs ingestem het dat mans in diens geneem kan word in betrekkings waarin, op opvoedkundige en administratiewe gronde, vroue verkieslik sou wees, was hulle uiteindelik verplig om die getal Kleurlingstudentonderwysers wat jaarliks opgeneem word vanaf 1940 te beperk ten einde die ewewig mettertyd te herstel.[4]

Desnieteenstaande is in 1941 weereens 'n belangrike stap vooruit gedoen toe 'n opleidingsinrigting vir studente wat die Senior Sertifikaat behaal het in Hope Lodge-gebou, Roelandstraat, Kaapstad gestig is.[5] Hierdie inrigting wat in 1942 tot die status van 'n opleidingskollege verhef is, staan sedertdien as die Hewat-Opleidingskollege bekend.[6]

---

1. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1938, 107.
2. Ibid., 1936, 67.
3. Jaarverslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys, 31 Desember 1940, 15; Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jare 1941 tot 1945, 37.
4. Jaarverslag van die Superintendent-generaal van Onderwys, 31 Desember 1940, 15.
5. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jare 1941 tot 1945, 37.

Alle Kleurlinge wat derhalwe aan die toelatingsvereistes voldoen het en voornemens was om aan hierdie interkerklike inrigting te kwalifiseer, het hierna die voorreg gehad om na ꞌn verdere tweejarige studie die Gevorderde Onderwysersertifikaat te verwerf.[1] Indien Kleurlinge egter ꞌn Sekondêre Onderwysersdiploma of ꞌn graad in die Opvoedkunde wil verwerf, is hulle nog steeds verplig om die blanke inrigtings vir hoëropvoeding by te woon.[2]

Nietemin is reeds belangrike mylpale i.v.m. die opleiding van Kleurlingonderwysers bereik waarvan die nawerking in die nabye toekoms bes moontlik ons stoutste verwagtings kan oortref.

4. Ruimer fasiliteite vir primêre en sekondêre onderwys aan Morawiese Sendingskole.

(a) Voor 1919 was die beheer van Kleurlingonderwys aan dieselfde amptenare toevertrou wat met die administrasie van blanke skole belas is.[3] In 1919 het dit meer as ooit tevore duidelik geword dat nie-blanke onderwys nie altyd sy regmatige aandag geniet het waarop dit geregtig was nie en so is daar kragtens ꞌn besluit van die Uitvoerende Komitee ꞌn afdeling vir nie-blanke skole in die lewe geroep.[4] Spoedig het dit egter geblyk dat selfs hierdie maatreël nie voldoende was nie, daar die beleid om Kleurling- en Naturelle-skole oor een kam te skeer die neiging laat ontstaan het om die belange van eersgenoemde agter te stel by dié van laasgenoemde, wat tewens die vernaamste werk van hierdie afdeling uitgemaak het. Gevolglik is in 1930 ꞌn Kleurlingskoolafdeling met ꞌn verantwoordelike amptenaar aan die hoof,

1. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jare 1941 tot 1945, 37.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland (Tweede, Hersiene en Vermeerderde Druk) 163.
3. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys vir twee jaar, 1934-1935, 46.
4. Ibid., 46.

gestig.[1]

Wat die plaaslike beheer van Kleurlingonderwys, meer bepaald dié van die Morawiese Sendingskole betref, het alle seggenskap vanaf 1922 uitsluitlik by die Provinsiale Bestuur van die Morawiese Broederkerk berus.[2] Alhoewel kontensieuse sake soos die beroep (veral hoofonderwysers), verplasing, bestraffing en ontslag van onderwysers, wat hulle opvoeding op koste van die Sending of die Kerk ontvang het, slegs deur die Provinsiale Bestuur behartig word, word daar vir elke skool 'n Bestuurder aangestel wat alle leiding i.v.m. godsdiensonderwys verskaf, onderwysers benoem en alle korrespondensie betreffende plaaslike skoolaangeleenthede met die Onderwysdepartement voer.[3]

Ofskoon hierdie stelsel vir meer as twee dekades in swang is, is daar in die jongste tyd heelwat vordering gemaak tot die meeste Skoolrade in 1946 hulle bereidwilligheid te kenne gegee het om kragtens Ordonnansie No. 11 van 1945 verantwoordelikheid vir Kleurlingonderwys in hul distrikte te aanvaar.[4] Voorsiening is ook gemaak vir die instelling van 'n liggaam, wat as 'n Kleurlingonderwyskomitee bekend staan, vir elke distrik waar die Skoolraad nie bereid of instaat is om Kleurlingonderwys te bestuur nie.[5] Ten gevolge hiervan is dit nou vir die Bestuurders moontlik om deur middel van hierdie liggame wat eerstehandse kennis aangaande hulle plaaslike onderwysbehoeftes dra, die belange van die Morawiese Sendingskole beter as ooit te vore te kan bevorder.

(b) Vanaf 1922[6] het die aantal onderwysers wat in die

---

1. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys vir twee jaar, 1934-'35, 46.
2. Artikel 126, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 34.
3. Artikels 128-129, Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 35.
4. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, 28-29.
5. Ibid., 28-29.
6. Volgens die Onderwysstatieke vir 4e Kwartaal, 1923 het aantal onderwysers wat in die Morawiese Sendingskole werksaam was op 53 (waarvan 36 mans en 17 vroue was ) te staan gekom. Sien Onderwysstatieke, 1923.

Morawiese Sendingskole werksaam is, buitengewoon fluks toegeneem. Hierdie toename wat veral aan 'n ongekende voorliefde vir die onderwysprofessie en finansiële ondersteuning van die kant van die Kerk te danke is, het die Morawiese Sending in staat gestel om met verloop van tyd 'n aansienlike onderwyserskorps op te bou wat op die hede nie minder as 172 primêre (105 onderwyseresse en 67 onderwysers) en 7 sekondêre leerkragte tel nie.[1)]

'n Ander faktor wat ook prikkelend gewerk het, moet veral toegeskryf word aan die feit dat die Onderwysdepartement gedurende hierdie periode steeds daarna gestreef het om personeelvoorsiening in die algemeen op 'n enigsins beter grondslag te plaas. Die eerste poging in hierdie verband het in 1923 gevolg toe 'n bedrag van £12,000 wat deur die Unie-regering aan die Provinsiale Raad afgesonder is, vir die aanpassing van siekteverlofregulasies en die betaling van huurtoelaes vir addisionele geboue vir sendingskole, aangewend is.[3)] Kragtens 'n Regeringskennisgewing No. 228 van 1923 is toe vir die eerste maal bepaal dat siekteverlof aan Kleurlingonderwysers toegestaan kan word, indien die afwesigheid wat deur siekte veroorsaak is, twee dae te bowe gaan. Bowendien is ook neergelê dat gedurende die eerstejaarsdiens slegs een kalendermaand siekteverlof toegestaan kan word en dat gedurende hierdie tydperk die helfte van die salaris waarop die onderwyser geregtig is aan die plaasvervanger vir die hele of 'n gedeelte van die maand betaal moet word. Gedurende die tweede, derde, vierde en vyfde jaar van diens asook elke siklus van vyf jaar daarna kan volle betaling vir die eerste maand, driekwart vir die tweede maand en halfsalaris vir die derde maand se afwesigheid, ontvang word. Ook is vir addisionele siektever-

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk 1950.
2. Report of the Superintendent-General of Education for two years, 1923-1924, 42-43.

lof sonder vergoeding voorsiening gemaak, mits dit nie langer as nege maande duur nie.[1]

Hierbenewens is gedurende 1923 'n addisionele bedrag aan die Provinsiale Administrasie beskikbaar gestel wat vir verhoging van salarisse aangewend is. Aangesien die bedrag nie voldoende was om 'n algehele hersiening van salarisskale te regverdig nie, is slegs 'n vermeerdering van £6 p.a. deur die bank aan elke individuele onderwyser toegestaan.[2] Onderwysers wat vanaf Januarie 1923 begin onderwys gee het, het onmiddellik hieruit voordeel getrek, terwyl onderwysers met langer diens wat reeds voordeel getrek het uit die bepalings van die Salarisordonnansie van 1917 hulle verhoging slegs vanaf 1 April 1923 ontvang het.[3]

In 1925 het die Provinsiale Administrasie 'n Kommissie aangestel om ondersoek in te stel aangaande die toestand van die Kleurlingonderwys in Kaapland. In hulle verslag het hulle aanbeveel dat die salarisskale vir Kleurlingonderwysers vir jaarlikse verhogings voorsiening moes maak.[4] Weens finansiële redes was dit egter nie vir die Provinsiale Administrasie moontlik om uitvoering aan bovermelde aanbeveling te gee nie. Daar is nietemin 'n totale som van £40,000 vir die instelling van nuwe salarisskale toegestaan wat die Kleurlingonderwysers in 'n baie gunstiger posisie geplaas het. Gereelde jaarlikse verhogings kon slegs na twintig jaar bevredigende diens verkry word.[5]

Gedurende 1930 is die vraagstuk van beter salarisse weereens deeglik deur die Onderwysdepartement ondersoek.[6] Deur middel van die Wysigingordonnansie op Onderwys van 1930

---

1. Report of the Superintendent General of Education for two years, 1923-1924, 45-46.
2. Ibid., 46.
3. Ibid.
4. Report of the Superintendent General of Education, 31 Dec. 1929, 22.
5. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1929, 22.
6. Ibid., 1930, 32.

is die salarisse van Kleurlingonderwyser nou vir die eerste maal op 'n bevredigende basis geplaas. Alhoewel die verbetering nie voldoen het aan die verwagtings van baie nie, het sommige dit as „somewhat too lavish" beskou.[1] Nietemin is die nuwe skale so opgestel dat dit onderwysers aangespoor het om hulle kwalifikasies te verbeter en ruim kompensasie is toegestaan aan dié wat groot verantwoordelikhede moes tors.[2]

In 1943 het die Provinsiale Administrasie opnuut 'n komitee benoem om ondersoek in te stel na en 'n verslag uit te bring oor die salarisse van onderwysers in Kleurlingskole.[3] Die komitee het die vermeerdering van die minimum- en maksimum-salarisse van onderwysers aanbeveel, asook die verdubbeling van die jaarlikse verhogings en die instelling van hoofassistentbetrekkings op 'n ruimer grondslag. Aan hierdie aanbevelings is vervolgens vanaf 1 April 1944 deur Ordonnansie No. 18 van 1944 uitvoering gegee. Ook is vanaf 1 Oktober 1944 voorsiening gemaak vir die toestaan van gewone verlof aan alle Kleurlingonderwysers, terwyl verbeterde pensioenbepalings vanaf 1 April 1944 in werking getree het.[4]

Gedurende 1946 is weereens 'n belangrike voorwaartse stap ten opsigte van die salarisskale en diensvoorwaardes van Kleurlingonderwysers gedoen. 'n Komitee bestaande uit die verteenwoordigers van die onderwysers en van die Administrasie is aangestel met 'n wye opdrag om hierdie aangeleenthede te oorweeg.[5] In die Wysigingsordonnansie op Onderwys (Salarisse van Onderwysers), 1946, waarin hulle aan-

---

1. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1930, 32.
2. Ibid.
3. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jare 1941 tot 1945, 37.
4. Ibid.
5. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, 28.

bevelings beliggaam is, is benewens verbeterde salarisse en verlofvoorwaardes ook vroeër bevordering in die vooruitsig gestel aangesien hierdie ordonnansie ruim voorsiening vir die skepping van betrekkings vir assistente van spesiale graad, gemaak het.[1)]

Net soos in 1943 het die verteenwoordigers van die onderwysers in 1946 ook sterk betoog dat die tyd vir salarisgelykheid met die blanke onderwysers aangebreek het. Toe die Onderwysdepartement hulle daarop wys dat 'n noue verwantskap tussen die salarisse van blanke en Kleurlingonderwysers behoort te bestaan, het die komitee as geheel die standpunt ingesien dat salarisgelykheid op die oomblik nie moontlik was nie. Die salarisskale wat gevolglik deur die komitee aanbeveel is, het op die grondslag van viervyfdes van dié van blanke onderwysers berus. Hierdie aanbeveling is deur die Uitvoerende Komitee aanvaar en sy handelwyse is daarna deur die Provinsiale Raad bekragtig.[2)]

Origens is ook 'n belangrike verandering aangebring in die stelsel waarvolgens die kwalifikasies van Kleurlingonderwysers geklassifiseer word. Sedert 1921 is gesertifiseerde blanke onderwysers in ses klasse ingedeel na gelang van die bevoegdhede wat hulle besit, wat gewissel het van ongeveer die Senior Sertifikaat-peil tot 'n peil ses jaar hoër. In 1930 toe die salarisse van Kleurlingonderwysers hersien is, is die mening gehuldig dat vir die stadium waarop die Kleurlingonderwys toe gestaan het, hierdie klasse nie paslik was nie, en gevolglik is 'n stelsel van ag grade ingevoer.[3)] Met die buitengewone vordering wat Kleurlingonderwys egter sedertdien gemaak het, is die bevoegdhede wat blankes en Kleurlinge tans besit in die meeste gevalle geredelik vergelykbaar. Dientengevolge is die

---

1. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, 28.
2. Ibid., 21.
3. Ibid.

blanke stelsel van indeling in klasse nou vir die Kleurlingonderwysers aanvaar, maar 'n nuwe klas (aa) is tussen klasse (a) en (b) ingevoeg ten einde vir onderwysers met 'n Primêre Hoër Kleurlingsertifikaat voorsiening te maak.[1]

(c) Die inisiatief aangaande die verskaffing en instandhouding van skoolgeboue sowel as die stigting van nuwe skole het nog steeds op die skouers van die Morawiese Sending bly rus.[2]

Aangesien die Sendinggenootskap net soos alle ander kerkgenootskappe nie tred kon hou i.v.m. die verskaffing van genoegsame skoolakkommodasie aan die immergroeiende aantalle leerlinge in digbevolkte gebiede nie, is daar na herhaalde versoeke van skoolinspekteurs 'n deurtastende ondersoek na die onbevredigende toestande deur die Provinsiale Administrasie in 1925, ingestel.[3]

Die uitslag van hierdie ondersoek het daartoe aanleiding gegee dat wetgewing gepasseer en regulasies in 1927 ingestel is, wat die Provinsiale Administrasie magtiging verleen het om huurtoelaes vir geboue, toelaes vir reparasie van ou geboue en vaste huurtoelaes vir geboue wat deur sendinggenootskappe opgerig of benodig is, te betaal.[4] In die daaropvolgende jaar is bovermelde huurtoelaag van 5% kragtens Ordonnansie No. 25 van 1928 verder tot 6% verhoog.[5] Hierdie verhoging sowel as die 2% toelaag wat, kragtens artikel 20 van hierdie ordonnansie, op die provinsiale waardasie van skoolgeboue wat voor 1918 opgerig of gebruik is, betaal is, het besonder groot byval by die Mo-

1. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, 21.
2. Artikel 127, De Kerkorde van de Morawiese Broederkerk in Zuid-Afrika (Westelike K.P.), 34.
   Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1925, 24.
3. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1925, 24.
4. Report of the Superintendent General of Education for two years, 1927-1928, 43.
5. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1929, 24.

rawiese Sending gevind, daar laasgenoemde bedrag vir reparasie, hernuwing of algemene onderhoud van skoolgeboue of vir uitbreiding daarvan,,aangewend of opsygesit kon word.[1]

Met hierdie departementele toelaes en eie fondse tot hulle beskikking het die sending vanaf die tweede helfte van die twintigerjare daartoe oorgegaan om nie alleen bestaande skoolgeboue op gevestigde stasies behoorlik op te knap nie, maar ook alle ouderwetse en ontcereikende lokale te Moravian Hill (1927)[2], Mamre (1928),[3] Moravian Hope (1929),[4] Greyton (1933)[5] en Woodlands (1935)[6] deur doeltreffende geboue te vervang. Origens het die skoolbevolkings te Wittewater en Moutonvlei so geweldig toegeneem dat 'n addisionele skoolgebou vir eersgenoemde in 1928[7] en vir laasgenoemde in 1940[8] opgerig moes word.

Ondanks hierdie vordering was daar steeds 'n skreiende gebrek aan onderwysfasiliteite vanweë die uitbreiding van die sendingsfeer. Met goedkeuring van die Onderwysdepartement is die volgende skole opgerig en vir die eerste maal in gebruik geneem: Spangenbergskool te Lansdowne (1929),[9] Sondagskloof (?),[10] Spanjaardskloof (?),[11] Sanddrift (1935),[12] Fairview (1936),[13] Georg Schmidt-skool te Korsten(1936),[14] Christian Davidskool te Steenberg (1937),[15]

---

1. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1929, 24.
2. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Jahresbericht Clarkson, 1935.
7. Die Huisvriend, 21 Oktober 1934. Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
8. J. Böhringer - Kontroleur van Onderwysfinansies, 12.8.1940
9. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
10. Die stigtingsdatum is onseker. Vanaf 1940 is Sondagskloof jaarliks geïnspekteer. Sien Inspeksierapporte vir Sondagskloof vanaf 1940 - 1949.
11. Die stigtingsdatum is onseker. Vanaf 1940 is Spanjaardskloof jaarliks geïnspekteer. Sien Inspeksierapporte vir Spanjaardskloof vanaf 1940 - 1949.
12. Jaarlikse Inspeksierapport, Sanddrift-Kleurlingskool, 23 Julie 1935.
13. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
14. Ibid.
15. Ibid.

Doriskraal (1937),[1] Modderrivier (1937),[2] Veeplaats (1938),[3] Kafferbos (1938),[4] Komansbos (?),[5] Kousa (1940),[6] Berseba(?),[7] Witteklip (1947)[8] en Voorstevlei (1947).[9] Hierbenewens is skole soos Kapteinskloof (1926),[10] Snyklip (?),[11] Wittekleibosch (?)[12] en Houtkloof (1934)[13] wat gedurende die vorige periode gesluit verklaar is, andermaal heropen.

Voorts het die skoolbevolkings gedurende die dertiger- en veertigerjare tot so 'n mate aangegroei dat vir addisionele huisvesting voorsiening gemaak moes word. Dientengevolge is dan nuwe klaskamers te Wittekleibosch (1935),[14] Mamre (1935 en 1939),[15] Comenius-skool, Maitland (1935, 1937 en 1942),[16],Tygerhoek (1937),[17] Georg Schmidt-skool, Korsten (1937),[18] Fairview (1938 en 1945),[19] Veeplaats (1944),[20] Zinzendorfskool, Moravian Hill (1947),[21] Christian David-skool, Steenberg (1949)[22] en Witteklip (1949)[23] aangebou. Hierdie uitbreiding hou steeds aan en in 1950 is daar nie minder as drie nuwe onderwyserswonings gebou, drie neersettingshuisies opgerig en dertien nuwe klaskamers

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Die Huisvriend, 25 Julie 1948: Sien artikel, Clarkson in die Tzitzikama, deur R. Schmidt.
6. Jaarverslag Blouleliesbosch, 1940.
7. Jaarverslag Enon, 1935. Hier kom die skool, Berseba, vir die eerste maal ter sprake.
8. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
9. Ibid.
10. Annual Inspection Report , Kapteinskloof, 9.10.1936.
11. Die Huisvriend, t.a.p.
12. Ibid.
13. Jaarverslag Elim, 1934.
14. Jahresbericht Clarkson, 1935.
15. Jaarlikse Inspeksierapporte, Mamre, 26-27 Okt . 1936 en 18 Febr, 1941.
16. Bestuurder, Comenius-skool, Maitland - Onderwysdepartement, 3.12.1935; Jaarlikse Inspeksierapport, Comenius-skool, Maitland, 23-24 Febr. 1939; Jaarlikse Inspeksierapport, Comenius-skool, Maitland, 8-10 Sept. 1942.
17. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1937.
18. Ibid.
19. Goue Jubileum Moravian Hope, Port Elizabeth, 1899-1949,11.
20. Ibid., 12.
21. Jaarlikse Inspeksierapport, Zinzendorf-skool,Moravian Hill.
221. Jaarlikse Inspeksierapport, Christian David-skool, Steenberg, 5-6 Mei 1949.
23. Goue Jubileum Moravian Hope, Port Elizabeth,1899-1949,12.

in gebruik geneem. Bowendien nader neëntien nuwe klaskamers voltooiing, terwyl vier nuwe skole in aanbou is.[1)]

Benewens hierdie 37 primêre Sendingskole,[2)] is daar van departementsweë ook voorsiening vir sekondêre onderwys vir Kleurlingleerlinge gemaak. So is dan behalwe die sekondêre onderwys wat by sewe van die ag opleidingskole vir Kleurlinge aangebied word na herhaalde vertoë[3)] 'n sekondêre skool te Genadendal in Januarie 1938 in die ou kweekskoolgebou, geopen.[4)] Aangesien hierdie skool in alle opsigte sy bestaan geregverdig en buitengewone vordering in die daaropvolgende jare gemaak het, is dit uiteindelik in Januarie 1947 tot die status van 'n hoërskool verhef.[5)] Kranige Kleurlinghoofde soos P. Hartzenberg, B.A. (Sept. 1946 tot Junie 1949) en A.G. de Villiers, B.A. (Julie 1949 tot Des. 1950) het hierna reuse-bydraes gelewer ten einde die vashouvermoë van die skool te laat toeneem, skoolvakke in te voer wat beste met die skoolbevolking rekening hou, goeie uitslae in die Junior- en Senior Sertifikaat-eksamen te behaal en bowenal ouers, onderwysers en kinders te noop om hulle skool te idealiseer en met groot liefde te bejeën.[6)]

Ten slotte dien daarop gewys te word, dat die Kleurlinggemeenskap van Mamre vanaf 1947 hulle ook sterk vir die verkryging van 'n sekondêre skool beywer het.[7)] Ofskoon die Onderwysdepartement tot op die hede nog nie sy weg oopgesien het om aan die herhaalde versoeke te voldoen nie,[8)] bestaan daar alle rede om te glo dat fasiliteite vir sekondêre onderwys eersdaags aan Mamre toegestaan sal word.

(d) Omdat daar omstreeks 1922 nog geen verpligte skoolbesoek vir sendingskole bestaan het nie, het die skoolbywoning in die Morawiese en ander sendingskole, ondanks

---

1. Jahresbericht der S.A.W.-Provinz, 1950.
2. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
3. Sien diverse korrespondensie Schmidt - Skoolraad, Caledon, 23.3.1936; Schmidt - Skoolraad Caledon, 26.6.1936.
4. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1938, 24.
5. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys vir die jaar 1947, 23.
6. Memorandum opgestel deur die Waaksaamheidskomitee van die Hoërskool te Genadendal, 7 Desember 1950.
7. Eerw. W. Winckler - Sekretaris, Skoolraad, Malmesbury, 3 Des. 1947; Eerw. D.S. Kroneberg - Sekretaris van Onderwys, 31 Jan. 1950.
8. Sekretaris, Skoolraad, Malmesbury - Eerw. W. Winckler, 2 Febr. 1948.

goeie werk wat sover moontlik onder moeilike omstandighede verrig is, veel te wense oorgelaat en het die oorgrote meerderheid van Kleurlingleerlinge, maar slegs 'n verkorte primêre onderrig ontvang.[1]

Nieteenstaande hierdie verskynsel het die meeste Kleurlingouers 'n groeiende belangstelling in die opvoeding van hulle kinders openbaar en toe vryonderwys tot die ouderdom van 15 jaar en losies- en vervoerbeurse vir sekondêre leerlinge in 1930 toegestaan is,[2] het daar so 'n ongeëwenaarde ontwaking posgevat dat die primêre sowel as sekondêre inskrywings nie alleen aansienlik toegeneem het nie, maar die vashouvermoë van die skole in die algemeen beslis verbeter het.[3]

Vanweë hierdie vordering het die verteenwoordigers van die Morawiese Sending en ander kerkgenootskappe gedurende die jare 1932-'33 verskeie versoeke tot die Onderwysdepartement gerig om bywoning vir Kleurlinge net soos vir blankes verpligtend te maak.[4] Aangesien so 'n stap buitengewone finansiële uitgawes sou meebring en Kleurlingonderwys op hierdie stadium nog byna geheel-en-al sektaries was, is die versoek voorlopig van die hand gewys.[5]

Hoewel die inskrywings selfs sonder verpligting voortdurend aanmerklik gestyg het, die gehalte van hulle onderwysers aanmerklik verbeter het en in ruimer mate sekondêre onderwys aan hulle verskaf is, het dit uit die Rapport van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937) geblyk dat Kleurlingonderwys in die algemeen nie na wens gevorder het nie en 'n algemene verbetering van toestande nie langer kon uitbly

---

1. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1922, 33.
2. Ibid., 31 December 1930, 31.
3. Ibid., 31 December 1930,30; 31 December 1931,41; 1932 - 1933, 45.
4. Report of the Superintendent General of Education for the years 1932-1933, 49.
5. Ibid.

nie.[1] Ten gevolge hiervan is kragtens Ordonnansie No. 11 van 1945 uiteindelik skoolbesoek vir Kleurlingkinders van sewe tot veertien jaar aanvaar en geleidelik ingevoer.[2] Daar word dus vertrou dat hierdie stap op 'n aansienlike verlenging van die gemiddelde skoollewe van die Kleurlingkind sal uitloop en dat hulle sodoende teen die gevare van onkunde gevrywaar sal word.

Ofskoon dit op hierdie stadium nog nie van die Morawiese Sendingskole waar is nie, toon die buitengewone vermeerdering van die primêre skoolbevolking vanaf 1931 (3601 leerlinge)[2] tot 1950 (6263 leerlinge)[3] en dié van die hoërskoolbevolking van 1938 (75 leerlinge)[4] tot 1950 (151 leerlinge)[5] dat soiets stellig nie onmoontlik is nie.

(e) Hoewel in 1923 'n eie leerplan, waarin die onderrig van vakke soos handwerk, industriële werk, natuurstudie en tuinbou spesiaal en dié van aardrykskunde en geskiedenis ooreenkomstig eie behoeftes benadruk is, vir die substanderds en ses primêre standerds (I - VI) van Kleurlingskole ingestel is,[6] het die algemene raamwerk van primêre Kleurlingonderwys in 'n groot mate dieselfde as dié vir blanke skole tot op die hede gebly.[7] In die sekondêre afdeling egter volg Kleurlingkinders dieselfde leerplan as blankes en skryf hulle dieselfde Junior Sertifikaat aan die einde van die std. VIII-stadium en die Senior Sertifikaat aan die einde van die std. X-stadium.[8]

Wat die medium van onderrig in die Morawiese Sendingskole betref, was dit aanvanklik Hollands, maar sedert die

---

1. Report of the Superintendent General of Education, 31 December 1922, 33.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 399.
3. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
4. Sien Schmidt: Sluiting van die Kweekskool en die opening van 'n Sekondêre Skool vir Genadendal (Ongepubliseerde artikel).
5. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
6. Report of the Superintendent General of Education for two years, 1923-1924, 43.
7. Verslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys vir twee jaar, 1934-1935, 46.
8. Ibid., 47-48.

twintigerjare is dit deur Afrikaans vervang aangesien dit die moedertaal van die Kaapse Kleurlinge is. Sedertdien het Afrikaans as basis van alle onderwys en opvoeding gedien en is as die enigste voertaal by die onderrig in alle vakke, behalwe in die geval van die tweede taal, gebruik.[1)]

Ten einde die gewone vakonderrig meer realisties aan te bied, is in die jongste tyd deur die insameling van fondse ook radiotoestelle en filmprojektors deur die grootste primêre skole aangekoop.[2)] Bowendien beskik die meeste skole oor 'n groot aantal biblioteekboeke en teken selfs op tydskrifte in sodat die leerlinge in die geleentheid gestel word om leesstof behalwe die gewone klasleesboeke onder die oë te kry.[3)] Vir buitemuurse belange daarenteë word weer sportsoorte soos rugby en netbal beoefen.[4)]

Origens word vanaf 1946 net soos vir blanke skole 'n vaste jaarlikse toelae (gebaseer op inskrywing) vir die instandhouding van 'n eie voedingskema aan elke Morawiese Sendingskool betaal. Met behulp van Kleurlingmoeders, wat beurte neem, word nou daagliks vars of droë vrugte, groente, sop, melk ens. vir leerlinge gedurende skooltyd aangebied.[5)]

Met hierdie en ander bydraes het die Morawiese Broeders derhalwe daarin geslaag om nie alleen 'n belangrike kentering te bewerkstellig nie, maar tewens ook hulle doelstellings i.v.m. die opheffing van die Kleurling met welslae bereik.

---

1. Betroubare medeling soos verstrek deur eers. Biskop P.W. Scharberg; Sien ook Verslag van die S.G.O. vir die jaar 1947, 24.
2. Sien Jaarlikse Inspeksierapport, Zinzendorf-skool, Moravian Hill, 16-18 Maart 1936; Jaarlikse Inspeksierapport, Mamre, 3-4; 8-9 November 1948.
3. Ibid., 20-23 Julie 1943; Jaarlikse Inspeksierapport Mamre, 20-24 Febr. 1950; Jaarlikse Inspeksierapport Elim, 12-13 Junie 1939 e.a.
4. Sien Jaarlikse Inspeksierapport Zinzendorf-skool Moravian Hill, 4 Augustus 1937; Jaarlikse Inspeksierapport Mamre, 20-24 Febr. 1950; Jaarlikse Inspeksierapport Comeniusskool, Maitland, 22-28 Okt. 1948; Jaarlikse Inspeksierapport Elim, 12-13 Junie 1939.
5. Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, 65.